

En hoekom het jy hierdie foto's uitgekie? -- Dit is foto's wat na my toe gekom het van aangehoudene persone. Ek het aangevra daarvoor en dit is wat ek gekry het.

Enige aangehoudene persoon of sekere aangehoudene persone? -- Aangehoudene persone.

Op enige spesifieke klagte? -- Op enige klagte.

En as u deur die foto's kyk sal u vir die Hof kan sê op watter klagte die mense.. -- Ek kan nie, want ek ken nie die persone nie.

Sal u saamstem dat dit is moontlik dat hulle almal aangehoudene persone is vir politieke.. -- Ek weet nie. Ek kan dit nie antwoord nie.

Maar dit kan moontlik wees. -- Dit is moontlik.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: RENIER JACOBUS VAN ROOYEN: v.o.e.

Jy is 'n sersant, Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Kaapstad. -- Dit is korrek.

Verbonde aan die Veiligheidspolisie en behulpsaam met die ondersoek van hierdie saak. -- Dit is reg.

Is dit korrek dat op 14 Oktober 1963 het u vergesel van ander lede van die Mag na Llanga gegaan na die huis bewoon deur beskuldigde No. 36, Highman Hendriks? -- Dis korrek.

En daar in sy teenwoordigheid het u sy eiendom deursoek en beslag gelê op sekere dokumente ensovoorts? -- Dit is korrek.

Sal u nou aan die Hof sê waarop het u beslag gelê daar? -- Ja, nommer een is dit 'n voorblad van die tydskrif: Contact.

Sal u dit merk soos ek vir u die bewysstuknommers gee. Dis net die voorblad, nê? -- Ja, net die voorblad, met die portret van dr. Julius Nherera volgens die skrif onderaan.

Dit is Bewysstuk BR. -- Die volgende is gedeelte van die verbode blad "New Age", gedateer Donderdag, September 15, 1960.

Bewysstuk BS. -- En die volgende is 'n naanalys op 'n strokie papier, moontlik van 'n skryfblok.

Wie se name verskyn daarop? -- Die name hierop is

Mr. Mafu, Zone 3, Room 30; Mr. Mase, Zone 16, Room 13; Mr. Malinga, Zone 24, Room 750; Mr. Kamase Zandile, No. 19; Mr. Qhayi, Main Barracks No. 2; Mr. Adam, Zone 17, Room 11; Mr. Nyombo, Zone 10.

Ken jy 'n persoon wat daar in Zone 10 woonagtig is? --
Ja.

Wie is dit? -- Willie Nyombo, een van die vorige getuies.

Dit sal wees Bewysstuk BT. -- Die volgende is 'n baie klein stukkie blykbaar van 'n kovert afgeskeur met die naam Squagwa Thombeni.

Ken u so 'n persoon? -- Net van so 'n persoon gehoor van hierdie naam.

Wat is hy volgens u kennis wat u weet? -- Volgens my kennis is hy 'n politieke verdagte met betrekking tot A.N.C. bedrywighede.

HOP: Wat is sy naam? -- Sqwaga Thombeni.

AANKLAER: Bewysstuk BU. -- Dan is daar 'n uitknipsel uit een of ander nuusblad, tydskrif, 'n kaart van Suidelike Afrika en swart ingekleur, ook nie net Suidelike Afrika nie, dit sluit in tot Soedan en Ethiopië in swart ingekleur met die uitsondering van Uganda, Kenia, Tanganjika, Nyasaland, Noord-Rhodesië en Suid-Rhodesië.

Bewysstuk BV. -- Die volgende is twee briewe geteken Secretary - C. Tinto. Beskuldigde No. 38.

Watter taal is hierdie briewe? -- Die een brief is gedeeltelik in Xhosa, gedeeltelik, of in 'n Bantotaal, ek kan nie sê Xhosa nie, dit is gedateer 24.7.62.

Handig daardie briewe maar liewers apart in. Die eerste brief dan Bewysstuk BW. -- BW dan is gedeeltelik Bantotaal en gedeeltelik Engels.

MR. WEINKOVE: The identification of No. 38 as Tinto. My submission is that this witness can only say that No. 38 has a similar name, but he cannot from that paper identify that as No. 38. -- Ek glo ek kan daardie getuienis gee. Beskul-

digde is die sekretaris van die African Railway Workers Union, hulle kantore 203, Union House, Queen Victoriastraat, Kaapstad en hierdie brief is dan ook geskryf vanaf die adres 203, Union House, Queen Victoriastraat en dit is geteken C. Tinto. By daardie kantore het ek persoonlik No. 38 se kantoor, sy lessenaar gaan deursoek.

AANKLAER: En u het alle rede om.. -- Alle rede om te glo dat hy die sekretaris is van daardie unie.

Wat is die datum daar? -- Daardie datum op hierdie brief, die 2de een is 13 Julie 1962. Dit is die brief wat in Engels geskryf is, die volgende bewysstuk.

Gedateer? -- Wat is die laaste nommer?

Dit is die eerste brief wat jy nou gaan inhandig hierdie.

HOF: Wat is die eerste een se datum? -- 24 Julie 1964.

AANKLAER: Dit sal dan wees Bewysstuk BW en die een wat u nou inhandig wat gedeeltelik in Afrikaans en gedeeltelik in Bantoetaal is, is Bewysstuk BX. -- Dis nou net verkeerd om.

HOF: Dis BW wat gedeeltelik in Bantoetaal en gedeeltelik in Engels is. -- Ja, die volgende een is Engels.

AANKLAER: Wat is dan Bewysstuk BW se datum?

HOF: BW se datum is 24 Julie 1962. -- Dit is die een wat gedeeltelik in Bantoetaal en gedeeltelik in Engels is.

Kan jy daardie gedeelte wat in Engels is, uitlees? --

Dit is blykbaar die tweede paragraaf: Expenditure of A. Koko of the 19.5.62 on food - 3/-. Expenditure of A. Koko (bo-op in klein letters ingeskryf) and Makosliso of the 2nd 6. 1962 on food 4/-. Expenditure of Makosliso to and from Pollsmoor Jail - 3/ld. Expenditure of Makosliso the next day to and from Pollsmoor Jail - 3/ld. Total expenditure 13/2d. Kindly consider the request. Secretary - C. Tinto.

AANKLAER: Het u enige idee of 'n persoon met die naam van Koko op daardie stadium aangehou was? -- Dit kan vasgestel word. Ek het dit nie vasgestel nie. Dit sal met sekerheid kan vasgestel word.

Nou dit is dan Bewysstuk BW. -- Dit is korrek.

Dan die ander brief is Bewysstuk BX. -- Ja. Die brief is dan in Engels van 203, Union House, Queen Victoriastraat, Cape Town.

Wat is die datum van daardie brief? -- Date 13.7.62.

Sal u daardie brief vir ons dan uitlees asseblief? -- That amount must be paid back to their owners in this office. 5.6.62 Tinto used his 4/2d. for Albert Koko's food. 4.7.62. Kokolela's 4/- was also used for A. Koko's food. 10.7.62 Tinto went to pay Makosliso's fine in Westlake Jail and he can't find him there. He used 1/11d. for train and 11d. for bus. 2/10d. (Dit is hier saangetrek). 11.7.62 he again went to Westlake for him 2/10d. Makes a total of 5/8d. plus 4/2d. plus 4/- makes a total of 13/10d. Secretary - G. Tinto. Daar is ook 'n koevert wat waarskynlik saam met een van die briewe moet gaan, net geadresseer, The Secretary.

Is dit in dieselfde handskrif as die brief? -- Nee, dit is nie dieselfde handskrif as die brief nie, as enige van die twee briewe nie.

Die koevert sal dan wees BY. Gaan aan. -- Dan het ek 'n koevert geadresseer aan Highman Hendriks. Agterop die koevert is die naam W. Nyombo.

Met wie kom dit ooreen met enige persoon? -- Ja, dit kom ooreen met die naam van Willie Nyombo een van die vorige getuies.

Is daar enigiets binne-in die koevert? -- Daar is 'n brief in.

Dis dan 'n brief en koevert afkomstig van Nyombo. -- Nee, ek kan nie sê dit is afkomstig van Nyombo nie. Die koevert behoort blykbaar aan beskuldigde No. 36 maar agterop is die nota W. Nyombo.

HOF: Die beste is om die brief en die koevert aparte bewysstuk te maak. -- Ja, ek glo dit het natuurlik tot my kennis geen betrekking op hierdie saak nie. Dit toon net aan aan wie dit geskryf is.

AANKLAER: Dis BZ dan. -- Nog 'n koevert ook geadresseer

aan Highman Ponono, dit is volgens beskuldigde No. 36 'n naam waaronder hy bekend is.

Dis ook 'n naam waaronder hy uitgewys was deur getuies.

-- Ja, agterop is ook 'n nota die naam Mphethengu Dyosi.

BELT 146.

Wat is die naam wat op die koevert verskyn? Dis al wat ek hom voor wil inhandig sover as 'n bewysstuk. -- Die naam agterop?

Nee. -- Die nota?

Aan wie dit geadresseer is. -- Ponono.

Bewysstuk CA. -- Hier is dan natuurlik nog 'n koevert met dieselfde naam voor op Highman Ponono.

Ek kan daardie koeverte dan albei inhandig. Hulle dien dieselfde doel. -- Op hierdie tweede koevert moet ek meld dat staan die naam Ndlikiva, Zone 20, Room 607. Tot my kennis is Ndlikiva gevonniss, ek weet nie wat die vonnis was nie, maar op appèl is die, hulle het appelleer en die appèl is van die hand gewys en op gelyke tyd is Ndlikiva vermis. Hy het heeltemal verdwyn. Hy is tot nog toe nie weer gevang nie.

MR. WEINKOVE: Again this witness can only say that a person with a similar name to his knowledge was convicted in Court.

-- Die klagte was in verband met verspreiding van A.N.C. pamflette in hierdie geval.

AANKLAER: Dis dan die twee koeverte aan Ponono geadresseer as Bewysstuk Ca. -- Dit is korrek.

Dan is daar vier velletjies papier met die volgende name op onder verskillende datums met aantekenings van bedrae geld teenoor die name. Daar is geen aanduiding waarvoor die geld is of wat dit in werklikheid is nie, maar dit is in elk geval dieselfde name wat onder elke verskillende datum verskyn. Die name is R. Hendriks, E. Mba, W. Tshotsho en G. Sixonxo en die volgende een is T. Dumke. Die datums wat ek hier vind is 14.6.63; 21.6.63; 2.8.63; 9.8.63; 16.8.63; 23.8.63; 30.8.63 en 31.8.63.

Bewysstuk CB. -- Die volgende is 'n brief geadresseer aan Highman Hendriks, 148, St. Georges Street, Cape

Town. Binne-in die koevert het ek 'n brief gevind geadresseer aan of die aanhef hier is: Dear Boetie.

In 'n Bantoetaal geskryf? -- In Bantoetaal geskryf. In die brief het ek twee kwitansies gevind met die datum 30.6.63, die kwitansies is genommer 92 is die eerste een: Received from D.1. Dit is die letter "D" met die syfer "1" binne-in die D geskryf. The sum of R1.80. Dan "Llanga" en in die kolom langs die sy "Subs" met die stempel die afdruk van 'n arend in vlug en die woord "Viki-nduku".

Het u enige kennis wat hierdie arend teken mag wees? -- Nee. Die tweede kwitansie is No. 93, dieselfde datum. Received from D.2. - op dieselfde manier gedoen. The sum of R1.60, Llanga - en ook "Subs" dieselfde afdruk van die arend en die woord "Viki-nduku".

Dit sal CC wees. -- Dan is daar 'n bladje van 'n nota-boekie weer met 'n naamlys op. Die name wat daarop verrekyn bo-aan staan "Donation" blykbaar doodgetrek weer. Die name daarop is Mbosi 1/-, Noyila 1/-, W. Tywakadi 1/-, P. Kombela 1/-, V. Ndzotyana 1/-, C. Tuyilo, Fanti 1/-, Dukani 1/-, H. Hendriks 1/- en Sukwana, daar is geen bedrag teenoor die naam nie.

Hierdie een naam wat u daar gekry het, Ndzotyana is identies met die n aan van een van die Staatsgetuies? -- Identies met een van die Staatsgetuies.

Dit was getuie 20 gewees. -- Dis korrek.

Dit sal dan wees Bewysstuk CD. -- Dan is hier 'n notaboekie met verskillende notas in. Sommige daarvan is in Xhosa. Hier op bladsy, of liever die bladsy is nie gemerk nie maar die datum bo-aan die bladsy is Thursday 15, Donderdag 15, daar staan die woord "Special Committee." Die stukkie wat dit voorafgaan is in Bantoetaal en op die bladsy met die datum Dinsdag 13, is ook 'n stukkie in Xhosa en daar staan die datum in rooi ingeskryf in dieselfde skrif 20.3.62. Die "special committee" word nog verderaan in die boek weergegee.

Dis Bewysstuk CE. -- Dan is daar 'n pamflet in

Bantoetaal met die agterkant - Boycott, boycott, boycott en dan 'n sekere lys van goedere wat geboycott moet word.

Bewysstuk OF. -- Moet ek dit uitlees?

Die goedere? -- Dit is in Engele die hele ding op die keersy is in Engels.

Ja. -- A new weapon in the struggle will be used to re-dedicate June 26 freedom day. Since June 26, 1950 the African National Congress and all the freedom fighters dedicated themselves that this day will be a day of mourning, a day of dedication in South Africa. All the freedom-loving people will not rest until Africa is free. June 26. We call upon the people of South Africa to observe June 26 as a day of self-denial and do the following: 1. Do not go to all places of entertainment. Example: Bioscopes, dances, bars, chibeens, etc. Refrain from buying and patronising any shop on this day; make bonfires outside your home and teach the children about this day and use candles in the place of electricity. On June 26 greetinge must be: Do not buy nor eat potatoes. Come to a mass meeting on the 28th June, 1959 at Drill Hall at 3 p.m. As from June 26 1959 you are asked to boycott the following products: Cigarettes: Rembrandt cork, plain; Rembrandt Meester; Rembrandt Paan; Rembrandt van Rijn; Pall-Mall filter; Senator Coffee; Consulate filter and plain; Rothmans Kingsize plain and filter; Peter Stuyvesant; Lexington; Cravan A. Now, Senator Coffee; Briganza tea. Issued by the Cape Peninsular A.N.C.

Dan is dit Bewysstuk CF. Dan daarna op 15 Oktober 1963 die volgende dag het u ook vergesel van ander lede van die Mag, na die huis van beskuldigde No. 41, Tshotsho gegaan. -- Dit is korrek.

Waar in sy teenwoordigheid sy goedere deursoek was en sekere dokumente, ensovoorts, beslag op geld was. -- Dit is korrek. Ek het gevind twee pamflette in Bantoe geskryf. Dit lyk soos 'n afgerolde pamflet.

Deur wie uitgereik? Weet u? -- Ek sien die letters

"A.N.C." in die stukke. Dit is in Bantoetaal.

U handig hierdie twee dokumente in as Bewysstuk CG. -- Dit is korrek.

Ja? -- Dan is daar nog 'n pamflet ook in Khoza geskryf, onderaan sien ek "Amandla Ndlawenu" en South African Congress of Trade Unions.

Bewysstuk CH. -- Dan is daar twee velletjies papier met die datums 26.6.60 bo-aan. 'n Stukkie bo-aan in Bantoetaal geskryf en dan 'n naamlys met bedrae van geld daarteenoor. Een van die name hier in die lys is Feketshane.

Enige soortgelyke naam in die Hof onder die beskuldigdes? -- Ja, onder die beskuldigdes is beskuldigde No. 35 se van is Feketshane.

Bewysstuk CJ. -- Dan is daar 'n klein strokie papier in rooi geskryf in Bantoetaal.

Dis Bewysstuk CK. -- Die volgende is 'n velletjie papier met aantekeninge daarop in verband met kaartjies en geld. Dit is in Engels gedoen. Bo-aan staan "Llanga. Number of tickets - 100. Number of tickets sold 66. Remainder 34. Amount £6.12.0. Nyanga West. Number of tickets 100. Number of tickets sold 54. Remainder 46. Amount £5.8.0. Nyanga East Number of tickets 100. Sold 55, Remainder 45. Amount £5.10.0. From 45 tickets 10 not known, dan bly daar 35 to be returned 35 P.T.O. Total amount for the tickets £17.10.0. Dan is hier nou op berekening gedoen. Admission £1.13.6. Refreshments £1.5.3. Sticks (ek weet nie wat dit is nie) 9/-. Total £21.0.6. En daar word nog iets bygetel dan is daar £24.14.10. To be added on Nyanga East amount 2/-. £1 taken by A. Koko. En dan staan die bedrag R49.48 onderaan. A. Koko stem ooreen met die naam van Albert Koko, beskuldigde 39.

Bewysstuk CL. -- Dan is daar 'n klein briefie die koevert is geadresseer To Mr. Feketshane, Zone 10, Llanga. Die briefie of nota, kennisgewing: *Dear Comrade, You are invited to a farewell party of Mrs. S. Makhetha and Mrs. Lesia on Sunday 31st March, 1963 2 p.m. at No. 2489, Nyanga*

East. Please come. Thank you, Yours faithfully, S. Makhetha.
I am sorry I make a mistake to you it is not on the 7th.

Bewysstuk GN. Watter naam was dit gewees, die van van die vrou, Mrs. Lesia. -- Dit is geteken S. Makhetha M a k h e t h a (of e) ek is nie seker nie. Dan het ek 'n koevert gevind en 'n naamlys. Die name op die lysie is blykbaar van die koevert afgeskryf, die koevert is taamlik dof. Die koevert is bo-op geadresseer Mr. C. Tinto, ek kan nie die res uitmaak nie. En die naamlys sal ek dit lees?

Ja. -- S. Mbeki, G. Manyube, G. Majola, P. Mpongwana, S. Mkhumato, P. Langa, W. Lotokazi, B. Klingana, P. Nogaza, W. Nkomo, E. Somloto, M. Ghantzo, M. NTengana, Notomani, Nopeo, H. Tshukula, P. Djojoana, E. Totana, S. Makutu, G. Pozwa, G. Tuekana, M. Kokoto, Bartman, W. Motolengwe, J. Matombe of Matambe.

Bewysstuk GN. Ook op dieselfde dag die huis van beskuldigde No. 35, Feketshane besoek. -- Nee, ons is net klaar met Feketshane.

O, jammer. -- Tshotsho.

Ons is klaar met Tshotsho. Kyk laan ons dit nou net reg kry. Die bewysstukke wat u nou net ingegee het, dit sal dan wees van bewysstuk CG af. -- Dit is korrek.

Is dit bewysstukke wat u op 15 Oktober 1963 by beskuldigde Feketshane, 35, gekry het? -- Dit is korrek.

En nie by Tshotsho nie. -- Het ek gesê Tshotsho?

Ek het die vraag gestel of jy na Tshotsho se huis gegaan het. -- Ek is baie jammer. Almal het dan betrekking op 35 in plaas van 41.

So u het ook op die 15de het u na die huis van 41, Tshotsho gegaan? -- Dit is korrek.

En daar het u sekere dokumente ook beslag op gemaak in sy teenwoordigheid. -- Dit is reg.

Ja, goed. -- 'n Koevert geadresseer aan Wilson M. Komani, Die Dokke, in Kaapstad en daarop is aantekeninge Nyanga East 1.45 - Nyanga West 1.20 - Malizo 35. Dit

verwys moontlik na tickets omdat ek sien hier "T k i s".

Kaartjies verkoop. -- Ja, moontlik kaartjies verkoop en op die agterkant is dieselfde. "15 T k i s - Nyanga-wes, Nyanga-oos en Llanga".

Dit sal wees Bewysstuk CO. -- Die volgende is weer 'n kennisgewing of nota, pamflet - soortgelyk aan een van die voriges wat ons ingehandig het. "Amandla Ndlawenu" onderaan, S.A. Congress of Trade Unions.

In 'n Bantoetaal. -- In 'n Bantoetaal geadresseer aan Mr. Tshotsho, Zone 7, Room 228, Llanga, Cape.

Bewysstuk CP. -- Dan is daar 'n notaboekie waarop een van die bladjies die ding afgemerk is in A, B, C, D, E dan gaan dit weer aan A, B, C, D, E en dan sien ek die naam net op die ander kant van die bladsy V. Ndzotyana 2/-, W. Tshotsho 2/-, E. Mba 2/-, D. Magwashu 2/- en M. Keswa 2/-. Ndzotyana is weer 'n naam soortgelyk aan die van een van ons vorige getuies.

Bewysstuk CQ. -- Die laaste dan is 'n gedeelte van die tydskrif of koerant Spark, gedateer Thursday March 28, 1963.

Is "Spark" 'n inbangedoene.. -- Nog nie tot my kennis nie.

Dit is CR. Daarna op die volgende dag, 16 Oktober by die huis van beskuldigde No. 42, Serial Gwija gegaan en ook sy huis in sy teenwoordigheid deursoek. -- Dit is korrek. Daar gevind twee lidmaatskapkaartjies van die S.A. Congress of Trade Unions, Queen Victoriastraat, Kaapstad ten gunste van beskuldigde 42 en 'n persoon met die naam van Reginald Gwija, Zone 18, Room 556.

HELT 147.

Dis Bewysstuk CS. Ja, volgende een. -- Dan is daar 'n koevert geadresseer aan Serial T. Gwija, Room 550, Zone, 18, Llanga met 'n nota agterop, Mr. Bomvana en die aantekening B.1., dit stem ooreen met die syfer of die nommer op een van die kwitansies vooraf ingehandig.

Bewysstuk CT. -- Daar is 'n soortgelyke koevert met D.2. 6/- Subs.

Is daar 'n naam wat daar verskyn? -- Ja, die naam daarop is Serial Gwija, Zone 18, Room 550.

Nee, by D.2 verskyn daar 'n naam? -- Nee, daar verskyn nie 'n naam nie.

Bewysstuk CU. -- Dan is daar 'n klein strokie papier met A. £1.2.0, B. 12/-. C. 5/-. D.1. (die een binne-in die D geskryf) £1.2.0. D.2. 10/- E. 12/-. Maak 'n totaal van £3.18.0. Die hele berekening kom neer op £5.4.0.

Bewysstuk CV. -- Nog 'n strokie papier ek sien daar bo-op "Flex D" (in 'n sirkel) 5/-. Dan het ons ook hier B.2. (die 2 binne-in die D gemaak) 9 tickets return. B. £1.15.0. E. £1.12.6. D.2. £2.2.6. D.1. £1.7.6. C.2 - daar is geen bedrag daar regoor geskryf nie. A. £2.10.0. en B. £1.15.0. 'n Totaal van £11.7.6. Soortgelyke aantekeninkie net laer af weer A.B.C.D.E. en op die agterkant dieselfde.

Bewysstuk CW. Die volgende Bewysstuk CX. -- Dit is 'n uitknipsel uit een of ander koerant, die onderskrif, dit is 'n foto, die onderskrif, "Oslo Interlude. Ex-Chief and Mrs. Albert Luthuli taking a talking to Marlin Hammerschuldt niece of the late United Nations Secretary General at a reception in Oslo on Sunday night after Mr. Luthuli had been formally presented with the 1962 Nobel Peace Prize.

CX. -- Die volgende een is 'n afskrif of 'n gedeelte van, ek is nie seker of hy volledig is nie, dit lyk nie so nie. Thursday, January 24, 1963.

Dit is Bewysstuk CY. Dis nou wat u daar gevind het, nê? -- Dit is korrek.

Toe is dit ook korrek dat op 11 November 1963 het u en ander lede vir beskuldigde 42 vergesel na Glengariff Court. -- Dit is reg, Seepunt.

Is daar 'n stoorkamer daar? -- Dit is reg.

Is daar enigiets aan u uitgewys daar? -- Ja.

Wat was dit gewees? -- Hy het 'n pakket wat in bruin papier toegemaak was aan ons uitgewys. Daarin, binne-in die

pakket het ek gevind hierdie boek nou voor die hof, opskrif in Bantoetaal en daar onder in Engels, "A Guide on the Nature and Policy of the African National Congress".

Dit sal dan Bewysstuk 23 moet wees. Hy kan nie aangeheg word nie. -- Dit is in 'n Bantoetaal geskryf. Onderaan of net na, wat vir my skyn die voorwoord of inleiding te wees, staan die datum 15.1.1959.

Dit sal wees Bewysstuk 23. -- Dan 'n rubber stempel wat die afdruk van 'n arend in vlug laat en die stempel kussing.

Die stempel en kussing self sal dan wees Bewysstuk 24. -- Dan 'n kwitansieboek waaruit 'n taamlike kwitansies al uitgeskryf is, aangeteken is. Die laaste twee, ek kan hier meld dat die oorspronklike deurslag wat bedoel is om die deurslag te wees vir die afskrif van die kwitansie is op een of ander tydstip blykbaar vasgeplak aan die oorspronklike kwitansie so die afdruk word gelaat op die volgende oorspronklike kwitansie, nommers 79, ekskuus tog, 97 en 98 dra die datums 30.6.63 en dit verwys na die bedrae op die kwitansies reeds ingehandig.

Dit is die kwitansies wat ingehandig was Bewysstukke CT en CU. -- Feitlik al die kwitansies is geskryf: Received from D.2 Block A.1.

Dit sal Bewysstuk 25 dan wees. -- In die pak twee boeke, een joernaal en een kasboek.

Die joernaal is dan Bewysstuk 26 en die kasboek Bewysstuk 27. -- In die joernaal, Bewysstuk 26, op bladsy 70, die bladsye is genoem. Die eerste klompie is blykbaar uitgeskeur. Op bladsy 70 staan: Income - Expenditure en die datum 12.8.62. En die bedrag £7.9.3½. Op bladsy 71 staan In Treasure 12.8.62 dan het hy die bedrag van £7.9.3½ en 'n sekere berekening wat gedoen word daar, die uiteindelijke totaal op 25.8.62 staan op £3.5.0. Dit is al wat in hierdie boek is. Bewysstuk 27 vooraan, daar is geen aanduiding waarna dit verwys nie. Report 15 subs 8. Op bladsy 8 vind ek 'n naamlye onder sekere opskrifte.

Receipt No. - Date - Particulars - Folio - Subs.
 Die eerste naam daaraan is Mr. C. Tinto. Mrs. Mgwevela.
 Mr. W. Tjulu, P. Seo, M. Dyosi. Ek is nie seker of dit
 die voorletters is nie, Die van is dieselfde as 27.

Soortgelyk aan die van beskuldigde 27. -- Ja. No. 1
 natuurlik is soortgelyk aan beskuldigde 38. Mr. Mtea,
 Mrs. Mtea, Mr. Magundulendao Msolo, H. Mpanpeni, F. Mziwonke,
 Seo, Hendriks, soortgelyke van as die van beskuldigde 36.
 Koko, soortgelyke van as die van Albert Koko, beskuldigde No.
 39. M. Sotana, G. Booy, Birolelo, G. Memani, Balisani, Tyo,
 beskuldigde No. 37 se Bantoenaan is Balisani Tayo. Solomon
 Ngungwana, J. Caciso, soortgelyk aan een van die vorige ge-
 tuies. Semela Tshotsho, soortgelyk as die van beskuldigde No.
 41. C. Ntlenzi, stem ooreen met die voorletter en naam van
 een van ons getuies. J. Tolo, Kombela, Feketshana, die van
 stem ooreen met beskuldigde No. 35. K. Mpikwa, Mmakala,
 C. Noyila, M. Tofele, H. Faka- of Tokotshana, Ndada, en Ndhazi
 Dan lange elkeen van die name staan die bedrag 2/- ingeskryf
 en die subs kolom, met uitsondering van Mpikwa. Op die
 teenoorgestelde kant van die bladsy staan 1963 bo-aan, 60 is
 doodgetrek met weer Receipt No. - Date - A.l. £1.4.0.
 B - 14/--. C - 8/--. D - 2, 14/--. D.l. 16/--. E. 12/--. 'n
 Totaal van £4.8.0. Dan is daar 'n soortgelyke rapporte
 vir die volgende datums 28.2.1963; 30.3.1963; dan by die
 datum 30.3.63 die laaste bedrag "Special" 10/--. Dan is
 daar onder die datums 30.4.63; 30.5.63 en 30.6.63 dieselfde
 tipe van rapport.

(HOF VERDAAG).

Voor die Hof begin het, het my geleerde vriend, mnr.
 Weinkove, voorgestel hier is blykbaar nie een van die beskul-
 digdes wat 'n Sotho tolk sal verlang nie. Die Bewysstukke
 is dan afgehandel wat betref beskuldigde 42, bewysstukke ten
 opsigte van hom. -- Net voor ons daarvan afstap, ek moet
 'n korreksie maak, F. Mzowonke, die naam wat hier in bewysstuk
 27 voorkom dit is die persoon, ek het die name verwar netnou

ek het gesê dat Ndlikiwa gevlug het nadat appèl teen hom of ten minste appèl wat hy ingedien het van die hand gewys is. Dit is nie Ndlikiwa nie, dit is Mzowonke, die naam wat hier in Bewysstuk 27 verskyn. Op 29 Oktober 1963 het u en ander lede van die Mag gegaan na die huis van beskuldigde 43, Welsh September. -- Dit is korrek.

En beslag gelê op sekere goedere daar. -- Ja, in sy teenwoordigheid.

Waarop het u beslag gelê? -- Dit is 'n pamflet. Bo-op staan "I Accuse - Speeches to Court by Nelson Mandela" Onderaan die foto wat op die voorblad sit. "When you have finished, please pass it on." Dit spreek natuurlik vanself dit is toesprake gelewer deur Mandela by sy verhoor.

Wanneer was die verhoor van Mandela gewees? -- Dit staan hier voor: On November 7th, 1962, after he had been found guilty for organising a National Site on May 29th, 30th and 31st, 1961.

Dit is Bewysstuk 02. -- Dan 'n boek getiteld : An Introduction to Marxism - Samuel Burns, London Lawrence and Biship Ltd.

Dit was wees Bewysstuk 28. -- Die volgende een is 'n boek getiteld: African Nationalism by Bamingi Sitole.

Dit was wees Bewysstuk 29. -- Dit is al wat betref beskuldigde 43.

MR. WEINKOVE: Might I just mention at a later stage at the conclusion of the State's evidence I will be objecting to the admissability of certain of these documents. I don't want to interrupt.

AANKLAER: Daarna het u weer vergesel van ander lede van die Mag op 21 November 1963 gegaan na die huis van Galeb Mase, beskuldigde 44. -- Dit is korrek.

Waar u beslag gelê het op sekere dokumente en boeke wat u nou inhandig. -- Dit is korrek. 'n Eksemplaar van die verbode blad "New Age" gedateer 22 September 1960.

Dit sal wees Bewysstuk 0A. -- Dan eksamenskryfboek,

Die voorblaaië daarvan, of die buiteblaaië liewer, met 'n klompie los blaaië daarby.

Met ander woorde dit is 'n buiteblad van 'n eksamenboek met los blaaië binne-in? -- Ja.

Wat bevat hierdie los blaaië? -- Ek het die los blaaië aannekaar gespeld soos dit vir my skyn vorm aan te neem. Dit is soos ek dit sien ontwerp toesprake. Die toesprake, ek sal die aanhef lees van een binne-in: Memorandum Transkei and Western Action Committee Annexation of Colonies. En dan handel dit oor die anneksasie van die kolonies deur die Britte.

En word die Suid-Afrikaanse Regering in daardie verband genoem? -- Ja.

In kort dit is 'n toespraak dan wat gebaseer is op kritiek op beide die Britse en die Suid-Afrikaanse Regeringe. -- Dit is korrek. Dit is skynbaar verskillende vorms. Drie of vier is skynbaar verskillende vorms van dieselfde toespraak waar die skrywer probeer het om moontlik die beste een uit te soek.

Dit sal wees Bewysstuk DB. -- Dan is daar 'n los blad met waarskynlik 'n mosie wat opgestel is in dieselfde handskrif as die vorige bewysstuk. Bo-aan: Transkei and Western Province Action Committee. This meeting strongly deplores the action of the government in this uniting the chiefs as well as the urban African and those in reserves. 2. This meeting demands the political right for all Africans of South Africa. 3. We demand lifting of the state of emergency in Transkei. So that public meetings should be held all over the country. 4. This meeting demands the withdrawal of the Bantu legislative amendment draft bill to remove the Africans from the Western Cape. 5. This meeting demands that a referendum be held among Africans to decide by themselves whether or not they accept self-rule for the Transkei. This meeting strongly demands the Minister for Bantu Affairs and Development to meet the representatives

of the Transkei and Western Province Working Committee at his earliest possible convenience. Geteken C. Mase, 16, Makana Square, Llanga.

Is dit die adres van die beskuldigde? -- Dit is die adres van die beskuldigde.

Dit sal Bewysstuk DC wees. -- Dan 'n drie velle van 'n skryfblok in Bantoe geskryf waar ek die woorde "Chief Luthuli" op verskillende plekke kan uitmaak en "Afrika". Asterop een van die velle is 'n kwitansie vasgeplak gedateer 29.4.63 en die naam van Mrs. Mase, Llanga.

Dit is Bewysstuk DD. -- Die volgende is 'n brief van The Liberal Party of South Africa gedateer 26 April 1961 aan Mr. C. Mase, 16 Makana Square, Llanga. Dear Mr. Mase, I promptly wish to thank you most sincerely for your co-operation in addressing the Liberal Party Africa Day Meeting on the 16th of April. Your participation did a great deal to ensure the success of the meeting and was much appreciated. Yours sincerely, D. Zackon. Secretary. Public Relations Committee.

Dit is Bewysstuk DE. -- Verskillende klein strokies en stukkies papier met notas daarop.

BELT 148.

Handig alles maar net saam in. Watter taal is dit?

-- In Engels.

As een bewysstuk. Dit sal Bewysstuk DF, wees. -- Die volgende is 4...

Het u gelees daardie? Die notas in Engels. -- Moet ek dit lees?

Asseblief. -- DF, dan. Die eerste een is: They will not get a universal support, however our standard Africans is one man one vote. Is it self-rule or mockery? Whilst all over the Republic it is reported that people are registering as voters for the Transkain Government one wonders if soon questions even at this late hour, would do any harm. What are the people of the Transkei going to gain by going to the polls as an opposition. Where else has this experiment been proved practicable. Nou is hier

'n gedeelte afgeskeur waarin nie juis sin gemaak word nie. Wat ek nie kan lees nie. Die volgende een dan: When he was assaulted in Pretoria did all these assaults and humiliations compel this leader for advocating for good understanding between the sections of South Africa. No. Because people come and people go therefore let all the people of South Africa take opportunity of grasping the extended hand of friendship of Chief Luthuli now before it is too late.

Agterop is ook 'n notatjie: Furthermore you must understand that the government will send you to your homes and we can employ Coloureds, Indians and even Europeans once this works.

Unity: Indeed one cannot help but.. (eindig dit) words I have none to express the necessity for Unity in our country more especially at a time like this, the time we are now facing, a time when the whole world has proved that what we stand for is a just cause. This was proved by the big majority vote in the United Nations against South Africa apartheid. We have now reached a stage where we must appeal to all good people of South Africa to be good enough .. (en daar eindig dit). Die ene: Leave politics alone - Lord Montgomery. En op die ander kant: In your own country you are not even known you exist until there is a war on.

2. In your own country you are not known as war monger therefore you are better advised not to be one in South Africa.
3. In your country you have no sword of your own, you are instructed to draw your sword in which case don't deceive the people of South Africa by telling them you draw your sword in case they are attacked. You should know that here in South Africa we have a state of emergency. The reason for such was not Matanzima you saw, it was the leaders of the oppressed people of South Africa. You claim to have come to see for yourself. Did you meet any leader who was detained during the state of emergency apart from being a soldier how dare you say South Africa must be left alone. (Daar is die strokie nou afgeskeur). .. nerve to insite South Africa... -- (Dit is al wat leesbaar is).

Hierdie handskrif wat op hierdie dokumente voorkom wat Bewysstuk DF vorm.. -- Dit is almal in dieselfde handskrif as die briewe geteken C. Mase, behalwe vir die klein stukkie "Furthermore you must understand that the Government will send you to your homes and we can employ Coloureds, Indians and even Europeans once this works."

Dit is DF.

HOF: Die brief geteken C. Mase, watter bewysstuk is dit?

AANKLAER: Dit is soortgelyk die handskrif? -- Ja, soortgelyk. Dit kom ooreen.

Dit is die konsep toesprake.

HOF: Is die brief geteken "Mase"? -- C Mase, 16 Makana Square, Llanga. As ek nou reg onthou, is dit die een opgestel wat handel oor die Transkei & Western Province Working Committee.

AANKLAER: Dit is Bewysstuk DC. Die handskrif Bewysstuk DF, soortgelyk aan die handskrif Bewysstuk DC. -- En dan is daar twee koeverte geadresseer: The Secretary, A.G.W.U., Llanga Branch, Llanga Cape Town en daar is 5 briewe wat van National Head Quarters, 45, Mount Street, Cape Town na The Secretary, A.G.W.U., Llanga Branch, geskryf is.

In watter taal is dit geskryf? -- Daar is 2 in Bantoe en 3 in Bantoe en twee in Engels.

Waaroor handel die twee in Engels? -- Dit handel oor sake van die African General Workers Union oor hoe fooie ingesamel moet word, ensovoorts.

U handig dan in die twee koeverte plus die 5 briewe in as Bewysstuk DG. -- Die volgende is 'n vel papier gedateer 5th December, 1961, Dear Mr. Mase, I called here twice this morning but on both occasions you were out. Luthuli's (hierdie woord kan ek ongelukkig nie uitmaak nie) Committee will (die woord onmiddellik na Luthuli is vir my onduidelik) Committee will be meeting this evening at 6 p.m. in the same place. I am not sure if you have been invited, however, the subject will be, I believe, 1. That every organisation

represented should elect its own speaker. 2. Every organisation represented will donate R6 towards expenses for calling the meeting on the 10th 12. 61. I am agreed to speak for A.G.W.U. We should give the amount required of R6 and report this to our next executive committee meeting. I look forward to see you there. If not, I hope you will approve my action. Geteken T.Ngwenya.

Enige van die beskuldigdes met 'n soortgelyke naam? --
Nee.

Wat is die datum van die brief? -- 5 Desember 1961.

Bewysstuk DH. -- Dan is hier gedeelte van: Financial Position as follows: (blykbaar gedeelte van 'n finansiële staat wat uitgewerk is, onderaan was geteken): Yours at work, C. Mase. Dit is weer doodgetrek en die woorde "P.T.O." is daar ingeskryf. "P.S. Mr. Ntzisana be good enough type that statement for me C.V.M." Dit is dieselfde as die voorletters van beskuldigde 44.

Bewysstuk DJ. -- Die volgende is weer 'n vel papier blykbaar

In watter taal? -- In Engels. Blykbaar ook 'n ontwerp toespraak: Liquor Bill Protest. There are many more important matters to make all the noise about than the liquor bill. My opinion is very much against those who are opposed. The argument is that if Africans are, had free access to liquor it would bring more misery and poverty. To me this is what I call adding insult to injury. Why? An African is a responsible and respectable, are as responsible and as respectable as any other race in South Africa, if not more. To me this insult should be stopped immediately. Stopped because the government's policy is that things are to be done for Africans in a manner which will suit us (Government). I say this is an insult in that it draws a very bad picture of Africans who are supposed to be fighting for liberation, fighting for their freedom. Africans whose voice has been heard all over the world today. Africans

whose opinion has been endorsed by all civilised nations in the world. In spite of all this like the government of South Africa would say Africans are not civilised yet therefore it would be polite to give them access to battle, to bottle stores. What does this give to... (there it ends). Mr. Chairman, ladies and gentlemen, The most important thing for people of South Africa today is unity. We must unite in convincing our government that the people.. (daar eindig dit). .. We are looking forward to the day when everybody in the land will recognize this Africa freedom day, the day when everyone shall forget as who got this independence on this day 15th April. We all know how we all rejoice on Christmas Day, so shall we on this Africa Freedom Day.

Dit is Bewysstuk DK. -- Dan is daar nog velle papier in Engels geskryf.

Beskryf dit net aan die Hof. -- Dit handel ook Affiliation Politically or Otherwise. Dit is politieke ontwerp toespraak en in sekere opsigte kritiseer dit die goewerment van Suid-Afrika.

Bewysstuk DL. Het u ook daar gevind 'n boek met 'n swart omslag. -- 'n Boek met 'n swart omslag.

Wat bevat dit? -- Heel voor in is 'n aantal liedjies geskryf, Engelse liedjies, ensovoorts. Verder is daar aantekeninge in verband met African or A.F.G.W.U. op die bladsy 2.3.1961. First executive meeting was held on the above. Dan is daar sekere uittreksels. Hier is een: African General Workers Union, Secretary's Report to the Regional Conference held at Nyanga-East on 20th August, 1961. Mr. Speaker, ladies and gentlemen, Indeed it is an honour to me as the General Secretary of the African General Workers Union to get this first opportunity of giving a report on organisation which is expanding under great difficulties at a time like the one we are in. We held this Union's first conference at Kensington early this year when the following were elected unanimously: Present. President: Mr. T. Ngwenya, Secretary, Mase. Treasurer: Mr. Nkatlo. Executive

members: Messrs. Malokoti and Sihlangu. Dit handel dan nog verder oor die organisasie A.F.G.W.U. Op die volgende blad is weer 11.3.61. A.F.G.W.U. Second Executive Meeting arising out of minutes was (en dan gee dit die gebeure wat op daardie vergadering bespreek was). Die volgende is soortgelyk. Dan is hier op een blad op 'n los blad op die agterkant. What Africans want. We as Africans want recognition as human beings. Africans have never given anybody a mandate to do things and decide things for him. We don't want the government to know what may be good for us more than we do Africans demand full franchise we want an equal vote, we do.. (en dan eindig dit). Financial Statement - African General Workers Union ..

Is dit alles state handelende in verband met die African General Workers Union? -- Ja. Dan is daar 'n naamlys waar ek bo-aan Ntzipana sien, soortgelyk as Bewysstukke, daardie briewe wat geskryf is van 45, Mountstraat, na die sekretaris in Llanga van die A.G.W.U. Dit is nog notas handelende oor die A.G.W.U.

Dit handel alles in verband met die African General Workers Union? -- Ja, tot op daardie punt.

Die eerste gedeelte? -- Ja. Hier begin nou iets anders weer.

Wat is die bladsy nommer? -- Hier is nie bladsy nommers nie.

Merk dit dan net met 'n papiertjie "A". Dit is die papier wat "A" gemerk is waar die volgende begin. -- Dit is die adres bo-aan, 16, Makana Square, Llanga, 24.10.61. Dis blykbaar 'n brief wat opgestel is. The Editor, Cape Times, Cape Town. Solution to South Africa's problem. Let there be a fair fight between dr. Verwoerd, the Republican Prime Minister and Chief Albert Luthuli. I suggest the following method to be adopted. That the State Prime Minister campaign, putting his policy to the whole South African population stating his reason for banning the A.N.C. under Chief Luthuli

and this should be by way of a referendum. Chief Luthuli on the other hand takes the same campaign stating his reasons why he thinks his organisation should not have been banned. If such a fair fight is allowed I have no doubt in my mind that the Republic of South Africa shall have solved its problem without any interference from the outside world, thus proving to the world our claim that we are capable of solving our domestic affairs. Verderaan gee die skrywer dan sy voorspelling van hoe so 'n referendum sal eindig in guns van Chief Luthuli. Die volgende moet ek hier meld, daar is nog 'n los velletjie papier blykbaar van 'n skryfblok wat dieselfde bevat, die twee is in een handskrif. Op die teenoorgestelde bladsy is in 'n handskrif soortgelyk aan die wat geteken is G.V. Mase, die voorletters en van van beskuldigde 44 is min of meer dieselfde ding. Chief Luthuli and Nobel Prize. The Editor, Cape Times. Here is a challenge... en dan gee hy dieselfde dinge weer. How about dr. Verwoerd going to the electorate, Black and Whites, tell them why the A.N.C. was banned under the leadership of Chief Luthulo... en so aan.

Dit handel oor dieselfde onderwerp. -- Dieselfde onderwerp. Hier is nog 'n vorm daarvan, ook geteken G. Mase. Only Solution to South Africa's Problem. Dit gaan min of meer langs dieselfde lyne.

Behalwe hierdie is daar iets verder? -- Ja, hier is nou 'n lang aaneenlopende ontwerp toespraak of ek weet nie wat dit veronderstel was om te wees nie, in die handskrif wat ooreenstem met hierdie gemie, G. Mase.

In watter verband is dit? -- Dit begin, die Grondwet van Suid-Afrika aanraak en kritiseer, kritiseer lateraan die nuwelikswette en dit kritiseer dan die paswette en gaan so voort, kritiseer die outoriteite wat belas is met die registrasie van Bantoes asook landdroshowe.

Dis onder andere wat gekritiseer word daardie. -- Ja. Hier is 'n gedeelte: How this is being tampered with.

Die skrywer meld of beweer dat daar met sekere van die wette gepeuter word. How this is being tampered with. As is stated that the Legislature decided not to take away the right by giving a distinct different colour from the other which is brown - dit verwys na die bewyseboeke van die Bantoe - Yet in spite of this difference in colour one finds himself subjected to the same requirements of reporting upon your arrival upon entering or leaving employment subject to the same endorsement by the authorities. Does this not lead one to conclude that the so-called authorities do not know the very law they are supposed to administer. Doesn't it amount to the unlimited power given. Doesn't this lead one to losing faith to the very Court that tries one's case. Doesn't this lead to conclude that even the magistrate does not know what is laid down by the Legislature? The Legislature laid down as to what rights one has under the exception. The Legislature clearly states that not only the possessor of the exemption but his dependents are automatically exempted. Dit gaan nog steeds aan op die paswette. Voorts kom hy op 'n stadium waar hy sê: My point therefore is the constitution of South Africa must be amended in the definition of the word 'people'. There is no reason why South Africa alone should have a different meaning for one word in the English language either than the universally understood meaning and interpretation. One man one vote demand. Hier handel hy nou weer oor 'n eis van een man een stem. Op die volgende bladsy: All because of fear this party seem to be foreseeing that no strong government will ever be strong enough to stand against the emerging forces of Africa. We will not stop at any point from the natural demand namely freedom. Dan kritiseer dit voorts die Verenigde Party, die Progressiewe Party en dan word die vraag gestel: The Congo is always given as an example of what would happen here if the Whites were to yield to our demand. This is all nonsense. Why do you have to quote the Congo only out of so many African States

who gained their independence during the last 10 years. Under what circumstances did the Congo get its independence with only a few civilised or educated Africans? Verder is daar net ou notas wat doodgetrek is.

Dis dan Bewysstuk 30. Die laaste, Bewysstuk 31 sal wees ook 'n swart boek. -- Ook 'n swart boek, ledger tipe. Daar is nie 'n naam in nie.

Wat bevat dit? -- Dit is ook lyk soos ontwerp toesprake in 'n soortgelyke handskrif as dié geteken O. Mase. Hier verskyn daar onder andere 'n stuk in Bantoetaal geskryf. Llentó ububu dhlala bulwaze. Dit het beskuldigde 44 vir my verduidelik is 'n storie wat hy besig was om te skryf maar hy het dit nie voltooi nie.

Is daar enigiets anders in daardie boek behalwe dit? -- Ja, hier is nog verskillende notas, nog notas aangaande die African General Workers Union en gedeeltes van ontwerp toesprake waar hy een plek meld: Your goal is freedom. Dan is daar nog min of meer teen die agterkant van hierdie boek op bladsy 162 is die begin van nog 'n ontwerp toespraak. The Nobel Prize awarded to Chief Luthuli. Should we rejoice or regret en dit handel oor die Nobel Vredeprys wat Luthuli ontvang het en waar die spreker sy menings gee en dan in sommige plekke ook kritiek uitoefen.

BELT 149.

Dit is dan Bewysstuk 31. -- Ek moet net meld dat hier is verskillende vorms ook van hierdie toespraak. Dit begin byvoorbeeld op bladsy 163 en dan deur middel van kruisies en die syfer "152" stel ek vas dat hy voortgaan waar hy hier eindig op daardie bladsy en dit lees dan ook aaneen as jy dit so lees.

Dit is dan die bewysstukke wat u by die verskillende persone gevind het. -- Ja.

Kan u onthou ook om terug te kom na beskuldigde No. 36, Hendriks. Het u enige verdere handeling gehad wat Hendriks betref... -- Ja.

Op 4 November 1963. -- Het ek vergesel van ander lede van die Mag hom uitgeneem op ondersoek na Llanga.

Na sy woning toe? -- Ja, na sy woning toe. Vandaar het hy ons geneem na Observatory by die Dock Products, die Pepsi-Cola in bottels gesit word. Hy het ons die naam Colbert Ntlanzi gegee. Ons het Colbert Ntlenzi opgesoek en saam met ons teruggeneem na Llanga. In teenwoordigheid van Hendriks het Ntlenzi ons 'n plek voor die kamer wat Hendriks bewoon, uitgewys. Ons het daar die afrolmasjien voor die hof uitgegrawe. Dit was in 'n kartondoos. Die karton was verrot deur nattigheid.

Bewysstuk 16. -- Ja.

Bewysstuk 16 daar aangetref. Was beskuldigde No. 36 teenwoordig? -- Ja, hy was teenwoordig.

Het u ook van foto's gebruik gemaak vir uitkenning? -- Dit is korrek.

U het gehoor die getuienis wat adjudant offisier Vlok vanoggend gegee het. -- Dit is reg.

Die manier waarop u uitkenning laat geskied het, het dit verskil of identies met die getuienis wat mnr. Vlok gegee het? -- Identies met die wyse waarop adjudant offisier Vlok sy uitkenning gedoen het. Dit is die gebruik ook.

En die foto's wat u gebruik het is die foto's ook op dieselfde manier opgemaak, nie dieselfde foto's nie, maar op dieselfde manier opgemaak as die foto's wat mnr. Vlok ingehandig het? -- Ja. In sommige gevalle selfs het ek die stel foto's by mnr. Vlok geleen as myne nie beskikbaar was nie.

En met die uitvoering van hierdie saak het u somtyds gegaan na Roelandstraat? -- Ja.

Tronk, gevangenis om persone te haal vir die uitstuur na Belville Landdroshof? -- Dit is korrek.

Op 15 Januarie 1964 het u die beskuldigdes by die Roelandstraat Gevangenis gaan haal? -- Dit is korrek. Vergesel van ander lede van die Mag.

Nou 15 Januarie 1964, hierdie beskuldigdes, is dit korrek dat by Roelandstraat Gevangenis kom die manlike verhoorafwagendes by een deur uit en die vroulike verhooraf-

wagtendes by die ander deur. -- Ja, die vroulike verhoorafwagtendes is heeltemal op die ander kant van die tronk, verskillende deure.

Het u by enige van die deure gestaan waar die manlikes of die vroulikes uitgekom het? -- Ja, dit is net die een deur waar die manlike gevangenes uitkom as hulle na die hof geneem word. Daar het elke..

Kom hulle gelyktydig uit of kom hulle een-een uit? -- Nee, hulle kom in 'n ry uit, een vir een deur die deur.

Wat het daar gebeur? -- Daar het, soos hulle uitgekom het, al die beskuldigdes hier voor die hof, behalwe 38 en 44.

En natuurlik die twee vroue. -- Die twee vroue wat nie by dieselfde deur uitkom nie.

17 en 18. -- 'n Teken gegee met die regter hand.

HOF: Almal die mans het uitgekom behalwe.. -- By dieselfde deur. Die vroue kom nie by dieselfde deur uit nie.

Behalwe wat is die twee beskuldigdes? -- Hulle het ook daar uitgekom, maar almal behalwe 38 en 44 het 'n teken met die regterhand gegee, sommige met die woord "Amandla" bygevoeg.

AANKLAER: Dit is die gebalde vuis na vore wat beskryf was. -- Ja, gebalde vuis skouerhoog opgelig.

Sommige het daarmee die woord "Amandla" geuiter? -- Ja. Daar het ook 'n paar toeskouers op Roelandstraat vergader en onder hulle was daar sommige wat die Amandla ook teruggesê het, geskree het.

Beantwoord het? -- Ja, beantwoord het eintlik.

Ja, julle het toe by Bellville hof gekom? -- By Bellville hof is dieselfde geval. Daar was ek in die hofsaal toe die beskuldigdes ingekom het vir hulle sake, dieselfde ding met inbegrip van die twee vroue beskuldigdes 17 en 18, weer behalwe 38 en 44 het die tekens gegee.

HOF: Het die vrouens ook? -- Die vrouens het ook die tekens gegee.

AANKLAER: In die hofsaal self? -- In die hofsaal self soos hulle die hofsaal binnekom deur die deur van die selle af.

Was daar persone in die hof gewees behalwe die beskuldiges? -- Ja, daar was.

Was daar... -- Daar was die woorde "Amandla" van die toeskouers se kant hoorbaar.

En daarna? -- Op een van hierdie geleenthede, ek is nie seker van die datum nie, dis op 'n later geleentheid.

Was hierdie groet herhaal op later geleenthede? -- Ja, dit was.

Ja en op een van hierdie later geleenthede? -- Het ons gereel vir 'n polisie fotograaf en hy het foto's geneem van die beskuldiges soos hulle by Bellville hof uit die vangwa geklim het.

In u teenwoordigheid? -- Ja, ek was teenwoordig. Op die foto's verskyn daar twee van die beskuldiges nou voor die hof.

Hoeveel foto's het u nou daar? -- Ek het nou 4 van elk.

Handig een van elk in. -- Twee verskillende foto's wat, maar ek het vier afskrifte van elk.

Handig eers die eerste foto in, dit sal wees Bewysstuk DM. Wie verskyn daarop? -- Beskuldigde No. 1 met sy, daar is natuurlik ander beskuldiges op die foto sigbaar maar hy het sy hand omhoog.

Besig om die saluut te gee. -- Besig om die saluut te gee.

Ja, die ander foto sal dan wees Bewysstuk DN met beskuldigde? -- Beskuldigde No. 29.

Ook besig om die saluut te gee? -- Dit is korrek. Sy arm word gedeeltelik bedek deur die kop van een van die ander beskuldiges wat voor hom was toe die portret geneem is maar jy kan duidelik sien dat sy hand omhoog is en dat hy die teken gee.

KHUISONDERVRAGING DEUR MNR. WEINKOVE: Hierdie foto's is ingehandig deur mnr. Vlok wat, soos u gehoor het, die Hof meegedeel het dat gebruik gemaak is van hierdie foto's met die getuies. U sê u het ook hierdie foto's gebruik. -- Jy

Sal u asseblief na Bewysstuk BP kyk en die eerste foto daar ken u die persoon? Die naam is agter op die foto geskrywe. Kan u net die naam uitlees? -- Ek ken hom nie. Joseph Sono.

Sal u asseblief na beskuldigde No. 13 kyk op die einde van die eerste ry. Ken jy No. 13? -- Ek herken hom.

Ken u sy naam? -- Joseph Sono, ja.

Lyk die foto soos beskuldigde No. 13? -- Ja.

Die volgende foto herken jy die persoon op daardie foto? -- Ja, dit is beskuldigde No. 34.

Dwashu Mqikela. -- Dit is korrek.

En die volgende? -- Dit is 'n persoon wat ek nie ken nie.

Is daar 'n naam agter? -- Ja, Faneke of Franke.

Ken jy hom glad nie? -- Ek ken hom nie.

Weet u niks van hom af nie? -- Ek weet niks van hom af nie.

Die volgende een? -- Ja, dit is beskuldigde No. 39, Albert Koko.

En die volgende een? -- Dit is beskuldigde No. 22, Loza.

En die volgende een? -- Dit is 'n vrou. Ek het haar gesien maar ek weet nie veel van haar nie; of ek kan nie sê ek weet iets van haar nie.

Wat is die naam agter op die foto? -- Hierdie naam is foutief. Dit moet wees E. van der Heyde. Dit is E. Alexander hier op die foto.

U sê dit moet wees E. van der Heyde. -- Elizabeth van der Heyde.

Ken jy 'n persoon met die naam van E. van der Heyde? -- Ek het haar gesien in die polisiecelle by Bellville, ja.

Weet jy waarom sy daar was? Met wat was sy aangekla?

-- Ja, sy was aangehou in verband met die Y.C.C.C. ondersoek en sy is gevonnies in die Hooggeregshof, Kaapstad.

Wat is die Y.C.C.C.? -- Dit was maar soos die ondersoek bekend gestaan het. Dit was 'n sabotasieklage.

'n Politieke wet oortreding? -- Ja, dit sal oekar wees.

Die volgende foto? -- Dis 'n baie swak foto hierdie.
Dit is beskuldigde No. 15.

Is daar 'n naam daar agter? -- Ja, moiffet Tutego.

En die volgende een? -- Dit is die foto van 'n Kleurling vrou. Ek het haar ook gesien. Nee, verskoning. Dit is nie die vrou wat ek bedoel nie. Ek het gedink aan, ek weet nie wat is haar voornaam nie, maar die van is Laguma. Maar die foto is van E. Goldberg.

Nou ken jy so 'n vrou? -- Nee, ek het haar nog nooit gesien nie.

Dra u kennis dat dit die vrou van Dennis Goldberg is? -- Ek kan dit nie sê nie.

Is sy 'n Kleurling of 'n Bantoe? -- Wel, die indruk wat ek hier gekry het, miskien ook maar omdat dit 'n baie swak foto is, maar sy is seker 'n Blanke. Ek het haar nog nie ontmoet nie, ek weet nie.

En die volgende een? -- Die volgende een is beskuldigde No. 28, Zolly Malindi.

Ja? -- Die volgende een, ek ken hom nie, Arthur Jordaan. Ek ken hom nie.

Is hy 'n Bantoe of? -- Nee, hy lyk na 'n Kleurling op die foto.

U sê u kan hom glad nie. -- Nee.

En u weet nie of hy 'n gevangene is.. -- Ek weet nie wie of wat hy is nie.

Die volgende een? -- Is die portret van beskuldigde No. 18, Lesia.

Ja? -- Die volgende een is die portret van beskuldigde No. 20, Basil Mpololo. Die volgende een is R. Madolo, ek glo nie ek ken hom nie.

Weet jy dat daar 'n Madolo as 'n beskuldigde in hierdie hof verskyn het? -- Was, ja, ek weet dit.

Lyk die foto soos hy? -- Ek glo..

Die saak teen hom was teruggetrek. -- Ek glo dit is nie hy hierdie nie. Dit mag 'n ander Madolo wees, maar ek

glo dit is nie die een wat hier verskyn het nie.

Die volgende een? -- Die volgende een is beskuldigde No. 29, Aaron Gaika.

Die volgende? U kan eers na die agter.. -- Handwla.

Is hy tussen die beskuldigdes? -- Nee, hy is nie.

Ken jy hom? -- Ek het hom egter gesien by die polisie-stasie in Bellville.

Dra u enige kennis waarom hy aangekla was? -- Ek glo nie hy was aangekla nie. Ek kan nie dit sê nie. Ek weet nie.

Dra u enige kennis waarom hy daar gehou is? -- Ek dink hy was daar vir ondervraging.

Omtrent 'n politieke wet oortreding? -- Ja.

Verder? -- Hierdie vrou ken ek nie. Dorothy Sophia Adams.

Is sy 'n Kleurling? -- Lyk so.

En dra u enige kennis van haar? -- Glad nie.

U weet nie of sy aangehou is of ... -- Ek weet nie wie sy is en waar sy is nie.

Die volgende een? -- Die volgende een is beskuldigde No. 12, Douglas Manqina.

Ja, die volgende een? -- Die volgende een is weer 'n vrou, blykbaar 'n Kleurling vrou, D. Alexander. Ek ken haar nie.

Is sy 'n Kleurling? -- Dit lyk so volgens die foto.

En die volgende een? -- Is beskuldigde No. 11, Howard Marawu. Die volgende een is Malgas. Ek ken hom. Hy is nie 'n beskuldigde nie.

Was hy 'n getuie in hierdie hof? -- Hy was 'n getuie in hierdie hof.

En was hy as 'n medepligtige gewaarsku? -- Ja, dit is reg.

Ja, verder? -- Beskuldigde No. 23, George Ngqunge.

Die volgende een is beskuldigde No. 40, Simon Xamlashe.

Die volgende een is Albert Sachs, 'n Blanke man.

Dra u enige persoonlike kennis? Was hy ooit aangehou?

-- Ja, ek was teenwoordig by sy arrestasie.

En vir wat was hy arresteer? -- Hy was ondervra in verband met politieke misdryf.

En die volgende een? -- Die volgende een is 'n Bantoe wat ek self arresteer het. Hy was oorspronklik aangehou en hy is lateraan vrygelaat. T.W. Tsotso.

Hy is nie tussen die beskuldiges nie? -- Nee.

En hoekom is hy arresteer of in hegtenis geneem? -- 'n Politieke wet verdagte.

Verder? -- Beskuldigde No. 17, Lettie Sibeko. Die volgende een is, ek glo nie ek ken hom nie. G.H. Dyosi. G i o s e. Ek ken hom nie. Ek weet nie wie hy is nie.

Voorletter? -- G.H.

U ken hom nie, u dra geen kennis van hom nie? -- Ja.

Die volgende een? -- Beskuldigde No. 38, Tinto.

Ja, volgende een? -- Die volgende een lyk weer na 'n Kleurling vrou, Sarah Khan, ek ken haar glad nie. Die volgende een lyk na 'n kleurling man, J.W. Cook, ek ken hom glad nie. Ek weet niks van hom af nie. Die volgende een is weer 'n Kleurling man, Sam Kahn, ek ken hom nie, weet nie wie hy is nie. Die volgende een lyk na 'n Bantoeman.

Sy naam daar agter? -- L. Gwele. Ek ken hom nie, weet niks van hom nie.

Verder? -- Kleurling man, DH. Ritt. Ek ken hom nie. Nog blykbaar 'n Kleurling man, E.J. Gabriel, ek ken hom nie. Die volgende een is 'n Bantoeman. Ek ken hom. Coleman Dhlatala, G a c u l a.

Wat is hy? -- Ek het hom ondervra in verband met politieke aangeleentheid.

Verder? -- H. Lawrence. Blykbaar 'n kleurling man. Ek ken hom glad nie. Nog 'n Kleurling man, Don Davis, ek ken hom nie. Nog 'n Kleurling man, G.P. Hendriks, ek ken hom nie. Nog 'n Kleurling man, Swagel, of Zwanel. Ek ek ken hom nie. Nog een, blyk 'n Kleurling man te wees, John Ferris. Ek ken hom nie. Nog blykbaar 'n Kleurling man, Markus Solomon. Ek ken hom ook nie.

Ja. -- Cyril Jacobs, Kleurling man, ek ken hom nie. F.M. Snell, 'n Kleurling man, ek ken hom nie. G.H. Ross, Kleurling man, ek ken hom nie. J. April, blykbaar 'n Kleurling man, ek ken hom nie. Die volgende een is beskuldigde No. 41, Wilson Tshotsho. Die volgende een is No. 9, Mpete. Die volgende een J. Daxa, ek ken hom nie. Dit is 'n Bantoe. Die volgende een is beskuldigde No. 27, Dyosi. Die volgende een is J. Ndabezitha.

Lyk hy soos No. 25? -- Ja, dit is korrek.

Die volgende? -- Die volgende een is 'n Kleurling man blykbaar. Ek ken hom nie. L. David. Die volgende een is L. Mtoto, beskuldigde No. ..

Lyk hy soos No. 8? -- Ja, dit is reg. Die volgende is 'n vrou, dit lyk na 'n Bantoe vrou met 'n kopdoek oor, M. Booysen. Ek ken nie die vrou nie.

BELT 150.

Is sy 'n Bantoe vrou? -- Dit kan 'n Bantoe wees maar dit kan ook 'n Kleurling wees. Sy het 'n kopdoek aan, ek kan nie sê nie. Die volgende is beskuldigde 42, Gwija. Dan beskuldigde 36, Hendriks. Dan Ndabambi.

Is hy tussen die beskuldigdes? -- S.M. Ndabambi. Ek kan nie al die beskuldigdes se name onthou nie.

No. 14 lyk hy so? -- Ja, dit is korrek. Die volgende een is 'n Kleurling man, Alexander Laguma. Ek ken hom.

As wat ken jy hom? -- Hy is gearresteer en ondervra en hy is aangekla in verband met onwettige dokumente, of dokumente wat verban is wat hy in sy besit gehad het. Hy is onlangs gevonnies.

Verbode publikasies? -- Ja, verbode publikasies. Hy is onlangs gevonnies tot my kennis.

Dis 'n politieke wet oortreding? -- Ja. Die volgende lyk na 'n Kleurling man, ek ken hom nie. R. Ungvald. Die volgende een is beskuldigde 37, Tayo. Die volgende een is beskuldigde 32, Booysen. Die volgende is beskuldigde No. 35, Feketshana en Mabece, beskuldigde No. 16. En die volgende is 'n Kleurling vrou, Blance Laguma. Dit is die

een waarmee ek my netnou misgls het.

Ken jy 'n Blance Laguma? -- Ja, dit is die vrou van die een wat ek nou net beskryf het, Alexander Laguma.

En is sy 'n verdagte persoon? -- Sy was, ja. Sy was ondervra omtrent politieke redes.

Verder? -- Die volgende een is Pehels Bam. P i h e l e

Jy ken hom? -- Ek onthou die saak. Ek dink ek herken hom dat ek hom in die hof gesien het daar. Ek het nooit met hom gewerk egter nie.

Dra u kennis dat hy op 'n politieke wet oortreding aange-
kal is in die Hooggeregshof in die saak van die Y.C.C.? --
Dit is korrek. Die volgende een is beskuldigde 45, Bernard
Huna. Die volgende een is C.K. Davids. Ek dink dit was
'n getuie in hierdie hof.

Cyril Davids? -- Ja, hier staan C.K. Davids, maar ek
dink dit is dieselfde persoon.

Onthou u dat hy het getuienis gegee dat hy by die Maare
kamp.. -- Dit is reg.

Was hy aangehou deur die polisie vir ondervraging? --
Ek is nie seker nie, ek dink so. Ek is nie seker nie.

Verder? -- Nevel Edward Alexander. Ek het hom nooit
gesien of nooit ontmoet nie.

Is hy 'n Kleurling of Blanke? -- Kleurling.

Verder? -- Blanke man, D. Hjul. Ek ken hom nie.

U ken hom nie as 'n persoon by die Liberale Party nie?
-- Nee. Ek ken hom nie.

U sê dit is 'n Blanke man? -- Ja.

Verder? -- Die volgende een is Ahmed Osman. Ek het
hom gesien by Bellville selle.

Vir watter aanklagte of hoekom is hy daar gehou? --
Hy was ondervra oor politieke oortreding of ondersoek.

Verder? -- B. Februarie. Ek ken hom nie.

Is hy 'n Kleurling? -- Lyk so, ek ken hom nie. Die
volgende een is Inspector Ndlova.

Lyk hy soos beskuldigde No. 26? -- Ja, dit is reg

Die volgende een is Wilson Martin, ek ken hom nie.

Is hy 'n Blanke? — Hy lyk na 'n Kleurling. Die volgende een is Majodina.

Is hy tussen die beskuldigdes? Lyk hy soos No. 10? — Ja, dit is reg. Die volgende een Judgement Tjika.

Was hy een van die beskuldigdes in hierdie saak? — Ja.

No. 33. Die saak was teen hom teruggetrek. — Ja, hy was in elk geval in hierdie saak aangekla. Daar is nog een, Mountain Qumbela, No. 19.

BELT 151. 12 JUNIE 1964.

Before I continue cross-examining this witness might I indicate to the Court that I am now in a position to make certain admission as regards the dates. Also by agreement with the Prosecutor, certain of the exhibits that have been handed in by this witness, have still to be translated and these translations have not yet been handed in. The Prosecutor has no objection to me reserving cross-examination on the question of exhibits. I will then only cross-examine this witness on the use of the photographs. Also with the Court's permission if I can reserve these two photograph exhibits in connection with the Amandla salute which is alleged to have been given to get instructions from my clients.

COURT: Why didn't you first get instructions? Whatever we can finish, let us finish.

MR. WEINKOVE: It will just be a short, it will just be a denial or admission or whatever it is and I have been working on the witness Piet Coetzee whom I believe will have to leave today. For that reason I have not had a chance...

COURT: Surely it will just be a minute or two to dispose of that. The more we can finish the better. We still have witnesses who will be coming next week.

MR. WEINKOVE: Certain of the people involved have made certain allegations, others have made others. I want to first clear up what the position is. It isn't a straight forward thing. I first want to make sure exactly what my

instructions are. My instructions with so many accused are varied at the moment on this question of the photographs. I want the chance to clear that up. But in any event I can do that and it will take up a very short part of the cross-examination of this witness when he is examined later on.

COURT: You see the position is this, that's why I say I'd like to have it cleared up today, because you might find that you don't want to examine him on the other aspects later on.

MR. WEINKOVE: No, I definitely will want to cross-examine him on those aspects. Omtrent die foto's wat gebruik is, is hierdie foto's aan al die getuies getoon of net aan sekere van hulle? -- Ek het dit nie aan al die getuies getoon nie.

Hoekom is dit dan net aan 'n sekere getuies getoon en nie aan andere nie? -- Sommige getuies sal vir jou sê dat hy ken die man se gesig maar hy ken nie die naam nie, ken nie sy naam nie.

Is dit die rede waarom hy word foto's dan getoon? -- Dit is korrek.

Kan u sê aan watter van die Staats getuies wat alreeds getuienis afgelê het, u foto's gewys het? -- Nee, ek glo nie ek is in staat om dit te onthou nie.

Het u ooit die geval bygekom dat 'n getuie nie mooi kan onthou hoe die persoonlik nie? -- Ja, ek dink so. In daardie geval verduidelik hy in sy verklaring die persoonlik soos hierdie, die persoon op hierdie foto.

U sê verder u het geen gebruik gemaak van die ander foto's op die verslag soos 'n uitkenningsparade uitgemaak nie? -- Nee.

Maar dra u kennis dat die foto's wat daarop is, wie die persone is? -- Nee, ek het nog nie, om die waarheid te sê ek het nog nie eers na die bewysstuk gekyk nie.

Verder daar is sekere van die mense wat op die foto's verskyn het, waarvan u nie weet nie. -- Is dit die foto's wat ek gister behandel het?

Ja. Gister gesien het. -- Ja, wat ek nie ken nie en

ek niks van weet nie.

Is dit moontlik om uit te vind wie die mense is? Is daar enige persoon wat kan sê wie hulle is? -- Ja, ek glo daar sal seker wees.

Wie sal dit wees? -- Ek neem aan dit kan vasgestel word deur middel van die fotograawe.

En wat is sy naam, weet u? -- Wel, dit sal die kantoor wees wat daarmee handel, die vingerafdruk deskundiges.

Kan u sê hoe het die foto's in u hande gekom? Het u vir hulle gevra of het u net van mnr. Vlok gekry? -- Sommige het ek van mnr. Vlok gekry, ander is van beskuldigdes wat in hegtenis geneem is geneem en dan aan die ondersoek eenheid gegee.

Maar wie het eintlik die pak foto's opgestel? -- Mnr. Vlok het dit gedoen.

Is hy die een wat dit opgestel het? -- Ja.

U het nie persoonlik die foto's gekies nie? -- Nee.

Ek het nie verder vrae nie behalwe die bewysstukke wat inbehandig is en die saluut. Wat die Amandie saluut betref, u sê dat u het gesien dat elkeen van die beskuldigdes die saluut gegee het behalwe No. 38 en 44. -- Dit is korrek.

Kan u sê as daar omtrent 43 mense uit die selle uitge-loop, hoe kon u sien dat net die twee nie...

HOF: Die getuie het gesê, as ek reg onthou, dat die beskuldigdes het een vir een die trappe opgekom. -- By die deur uitgekom.

Dis hoe hy dit gesien het. By die gevangenis deur uitgekom en ook in die hof van die selle af. Een vir een. -- Een na die ander. By die selle se deur by Roelandstraat is in die groot deur is 'n klein deurtjie wat hulle oopmaak. Van die grond tot omtrent so hoog is daar nog 'n plankie wat jy moet oorklim. So dit gaan noodwendig stadig. Hulle kom een vir een daar uit, die vragmotor staan naby aan die deur. Soos hulle uitkom, kom hulle in 'n tou en stap by die vragmotor in. Dit gaan nie in 'n bondel nie, glad nie. Dit was ook maklik om te onthou aangesien daar net die twee was

wat dit nie gegee het nie.

MNR. WEINKOVE: Weet u dat sommige van die beskuldigdes in hegtenis gehou is, sommige van hulle vir oor 'n jaar? Dra u kennis daarvan? -- Ek dink dit is nagenoeg. Ek kan nie met sekerheid sê dit is so nie.

Was daar mense daar buite wat die saluut gegee het ook? -- Ja, veral by die hof by Goodwood. Daar was dit 'n hele probleem met die toeskouers. Hulle het gegil, geskree en gedans en die saluut beantwoord, by Bellville.

Beskuldigde No. 32 het hy, kan hy normaalweg loop? -- Hy het met 'n kierie.

Het hy nie teen die tyd met krukke geloop nie? -- Hy het al met krukke geloop en hy het met 'n kierie sonder krukke geloop.

Het hy dit nog reggekry om die saluut te gee met sy krukke? -- Ek moet sê dat hy was nie hulpeloos nie. Hy het geleun op die krukke maar as hy op een kruk leun het hy die ander hand vry. Hy het dit gegee.

Tussen die mense wat die saluut gegee het, die buite mense, was daar polisie daar saam met hulle? Lede van die Special Branch. -- Nee, tot my kennis nie. Daar was nie-Blanke lede van die Veiligheids polisie wat probeer orde hou het en vir die veiligheid gesorg het.

Dra u kennis, het hulle enige van hulle ook die saluut gegee? -- Nee.

AANKLAER: Daar is miskien net een ding. Sersant van Rooyen het gesê op een stadium dat by die howe by Goodwood. Hy het seker bedoel by Bellville. -- By Bellville, ja.

HOF: Wat u nou nog voorbehou is kruisondervraging op bewysstukke wat nog vertaal moet word.

MNR. WEINKOVE: Nee, al die bewysstukke.

HOF: Hoekom al die bewysstukke?

MNR. WEINKOVE: Ek...

HOF: Watter rede bestaan daar dat jy nie jou kruisverhoor op die ander bewysstukke kan klaarmaak nie?

MNR. WEINKOVE: Omdat ek het nog nie 'n kans gehad om die

bewysstukke te lees nie. Daar is baie bewysstukke en daar is hele koerante wat ingehandig is en ek het nou op hierdie getuie Piet Adam Goetzee gewerk omdat hy moet weggaan vandag. Daar is 41 beskuldigdes wat ek moet verdedig en die baie moeilik om hulle almal te sorg in 'n paar ure voorbereiding op 'n getuie. Op die naweek sal ek 'n kans kry om daardie bewysstukke deur te soek en dit sal miskien wees dat dit nie nodig is nie om op al die bewysstukke te kruisverhoor nie.

PIET ADAM GOETZEE: (HERROEP). v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. WEINKOVE: Jy onthou jy het getuienis afgelê omtrent 'n konferensie wat gehou is in Lobatsi. -- Ja.

Wanneer was hierdie konferensie gehou? -- '62.

Meer spesifiek? -- Ek weet nie of dit June, of July is nie. In May, June, July.

Onthou jy dat jy vir die Aanklaer gesê het dit was in die begin van 1962? -- Ek het nie so gesê nie. Ek het die Aanklaer gesê dat ek het ander vergaderings ook gery soontoe.

Jy was gevra deur die Aanklaer of jy instruksies van mnr. Suliman gekry het by die begin van 1962. Jou antwoord was ja. -- Ja.

En op daardie instruksies het jy na Lobatsi toe gegaan. -- Ja.

Dit beteken dat daardie konferensie in die begin van 1962 gehou moes word. -- Dit was in June, somewhere, May, June, July, een van daardie drie maande.

Hoeveel konferensies het jy bygewoon by Lobatsi? -- Ek dink vier. Die laaste een was...

Vier konferensies bygewoon. Is jy seker daarvan? -- Ja, ek is seker daarvan.

Jy het vier konferensies bygewoon by Lobatsi. -- Ja, dit was nie almal A.N.C. nie.

Nou-ja hoeveel van hulle was A.N.C. konferensies? -- Drie.

Drie van hulle was A.N.C. konferensies? -- Ja.

Is jy seker daarvan? -- Ja.

Wanneer was hulle? -- Ek kan nie onthou die maande nie. Because ek het van die begin van die jaar af, van Februarimaand af begin hulle ry, die wat konferensie gehou het.

Is hierdie konferensies wat jy persoonlik bygewoon het? -- Die laaste een het ek baie bygewoon, die laaste konferensie.

Jy het van drie A.N.C. konferensies gepraat. Het jy al drie persoonlik bygewoon? -- Ek het die laaste een bygewoon. Die eerste een, drie was ons nie soontoe saam deur nie.

Was jy nie? -- Was nie so interessant meer nie, want al die grootkoppe was nie daar nie.

Maar het jy wel die ander twee bygewoon? -- Ek het almal bygewoon maar ek het nie daar gesit nie, ek het bietjie geloop.

Jy het geloop? -- Ja, ek het bietjie rondgeloop.

Nou wanneer was die laaste een gehou? -- Die laaste een was hier omtrent May, June, July, somewhere daar.

May, June, July? -- Ja, een van daardie drie maande.

En dit is die laaste A.N.C. konferensie wat jy op Lobatsi bygewoon het? -- Ja, wat ek op Lobatsi ingegaan het.

Daarna het jy nie weer na.. -- Daarvandaan het ek nie weer Lobatsi ingegaan nie.

Is dit wat in jou verklaring verskyn wat aan die polisie gemaak is? -- Wat ek aan die polisie gemaak het, was die laaste konferensie, die laaste een wat ek bygewoon het, wat ek daar by gewees het.

Nou as die laaste een wat jy bygewoon het in May, June of July was, en hierdie ander drie, die ander twee moet voor daardie tyd wees. -- Dit was voor daardie tyd, lank voor daardie tyd.

Lank voor daardie tyd? -- Ja.

Nou kan jy skat wanneer hulle was? -- Ek kan nie sê nie want ek weet ek het die Pan Africans, hulle was in

Februariemaand en daarvandaan, 14 dae daarna toe gaan ek af met die A.N.C. Ek weet nie March of April of somewhere het ek weer na hulle twee konferensies afgevat vir die A.N.C., een van die A.N.C. agterna.

En hierdie konferensie waarvan jy nou praat, dit is die laaste een? -- Die laaste een.

Jy sê al die grootkoppe was daar? -- Die grootkoppe was daar, ja.

Jy het hierdie hof gesê wie die grootkoppe was, nê? Onthou jy? -- Ja.

Wie was die grootkoppe wat hierdie konferensie bygewoon het? -- Walter Sisulu, Ntambo of Jambo, ek weet nie wat is sy naam nie, Nokwe, en nog ander wat ek nie hulle name ken nie.

Op Dinsdag het ons twee bietjie stryery gehad oor Mandela. -- Ja.

Jy sê nog hy was daar? -- Mandela was daar maar hy het nie lank daar gebly nie.

Maar hy was daar. -- Hy was daar. Maar hy het nie lank gebly nie. Toe ons weer kyk toe is hy weg.

En jy sê Walter Sisulu was ook daar? -- Ja.

En jy sê hierdie konferensie is in May, Junie, Julie gehou. -- Een van daardie maande.

Dit kon seker nie in Oktober gehou geword het nie, nê? -- Nee.

Dit is onmoontlik. -- In Oktober glad nie.

Dit sal ook seker onmoontlik wees dat jy in 'n ander Hof gesê het dat dit in Oktober was? -- Ek het geen hof gesê dit was in Oktober nie. Ek het gesê ek kan nie onthou wanneer nie.

Nou onthou jy jy het getuienis gegee op Pretoria in die saak van die Staat teen Nelson Mandela en andere. Onthou jy?

AANKLAAK: Met ander, met alle respek, daardie saak is sub judica, deurdadig dit 'n Rivoniasaak is.

MNR. VELNKOVE: Uitspraak is al klaar gegee in hierdie saak.

AANKLAER: - Vonnis is nog nie gegee nie.

MNR. WEINKOVE: Hy het wel daar verklarings gemaak onder eed en alhoewel dit nog sub judica is soos my geleerde vriend dit sit, mag ek nog aan hom stel wat hy onder eed daar gesê het. Hy het ook 'n verklaring aan die aanklaer gemaak en hierdie saak is nog sub judica ook.

AANKLAER: Ek wil nie snaaks wees nou nie, maar kyk as 'n saak sub judica is, is die geheel sub judica tot tyd en wyl die saak afgehandel is. Ek meen ek praat nou, sê nou as daar getuienis sou gelei word wat buite die howe gebeur het, dit sal nie sub judica wees nie, maar wat die saak self betref, die inhoud van die rekord in ander woorde, want die inhoud van die rekord as 'n geheel is sub judica. Dit mag verkeerd wees maar dit is soos ek dit nog altyd interpreteer het.

MNR. WEINKOVE: Ek kan dit nie verder neem nie, ek sal dit moet opkyk, maar as dit die geval is, ek verstaan uitspraak sal vandag gegee word, en as dit vandag gegee word, dan later kan ek die vrae stel aan die getuie.

AANKLAER: As daar nie appél is nie.

HOF: Ons behoort by teetyd te weet wat die posisie is.

MNR. WEINKOVE: Onthou jy dat jy in die saak van die Staat teen Gabriel Mthene op Pretoria getuienis afgelê? -- Regional Court.

Ja, onthou jy? -- Ja.

Jy het ook daar getuienis gegee omtrent 'n konferensie op Lobatsi. -- Ja.

Was dit ook die groot konferensie waarvan jy vandag nog praat? -- Ja, dieselfde.

Dis dieselfde konferensie. -- Dieselfde.

Nou op bladsy 8 van die rekord in hierdie saak is daar 'n vraag aan jou gestel deur die aanklaer: Aan die begin van 1962 het jy na Lobatsi gegaan. -- Ja.

Onthou jy wat jy daar geantwoord het? -- Ek het geantwoord ja.

Maar nou sê jy dat hierdie konferensie in Mei, Junie of

Julie gehou is. -- Ja, dis die groot konferensie.

Is dit nou die begin van 1962? -- Die begin was hier in Februarie maand wat ek afgegaan het, die eerste konferensie. Ek weet nie of dit in Februarie is of in March is nie, maar toe vat ek die A.N.C. Die eerste was die Pan Africans.

Maar jy het wel daardie hof vertel dat hierdie konferensie in die begin van 1962 gehou is en hier sê jy dit nou meer in die middel van die jaar. -- Dis in die middel van die jaar wat die groot konferensie gehou is, dis nie in die begin nie. Net soos dit in my statement geskryf is.

Ja, maar wat u aan daardie hof gesê het verskil nou met wat jy aan hierdie hof gesê het. -- Dis al dieselfde wat ek in een hof gesê het. Wat ek sê in een sê ek in al die houe.

Het jy daardie hof gesê dat jy die konferensie bygewoon het? -- Ja.

By die begin van 1962? -- Nie met die begin nie. Ek het gesê met die conference. Ek het nie gesê met die begin of wat nie, net soos my statement staan.

Aan die begin van 1962 het jy na Lobatsi gegaan, was die vraag wat aan jou gestel is en jou antwoord wat jy hier gegee het was "ja". Het jy so geantwoord? -- Ja, ek het nie gesê na die groot konferensie toe nie. Ek het geen maand opgebit, ek weet nie watter maand nie, dit is my statement.

AANKLAAR: Kan ons miskien dit net as bewysstukke inhandig. Dit kan naderhand miskien vreeslik deurmekaar wees as heen en weer na verskillende rekords verwys word. As my geleerde vriend verwys vir kruisverhoor doeleindes na die rekord dan is dit my submissie moet dit as 'n bewysstuk in handig word.

MR. WEINKOVE: It is not necessary to hand it in unless it is denied by the witness.

AANKLAAR: Dit is presies wat hy nou doen.

MR. WEINKOVE: The witness is not denying that he said this. He has not yet denied any part of the record I put to him.

COURT: Are you going to go on of what the witness is saying now, differs from those records, or not?

MR. WEINKOVE: Yes.

COURT: Well, then you must hand in that record, otherwise how can the Court say that that is in fact the position. As long as you don't rely on what, as I see it, I don't know what further stands you are taking, but as I see it, is, what was said there, the witness said here. He did go to Lobatsi in the middle of the year. But as it is there now there is no discrepancy at all as I see it. I don't know whether it is further explained there, but as it is there now there is no discrepancy at all that I can see. He said exactly the same, that he went there. And as he said that is the first time that he went there, and he went on several occasions. If you wish to prove there is a difference in what he said there and what he said now then you will have to hand in that record as an exhibit.

BELT 152.

MR. WEINKOVE: The State vs. Gabriel Chene.

AANKLAER: Dit sal dan wees Bewysstuk DO.

MNR. WEINKOVE: Nou hierdie konferensie jy het hierdie Hof gesê dat jy het by die deur gesit en geluister na wat aangegaan het by die konferensie. -- Ja, ek het.

Hoe lank het jy daar gesit? -- Ek het daarse gesit omtrent die hele dag.

Die hele dag daar gesit? -- Ja.

En het jy geluister na wat daar aangaan? -- Ek het geluister wat daar gesê is.

En het jy gehoor wat daar aangaan? -- Ek het gehoor.

Het jy verstaan wat daar aangegaan het? -- Wat ek gesê het in my statement, het ek gesê wat ek gehoor het en ek het verstaan dat hulle gesê het.

Ek sal daarop aangaan as die Rivoniasaak klaar afgehandel is. Ek is jammer om die Hof se tyd bietjie te more maar ek het gewerk van die Rivoniasaak wat met al die ander sake handel. Nou moet ek weer teruggaan na die oorspronklike saak. Dit vat 'n bietjie tyd. Verder jy het hierdie Hof gesê jy het mense na die grens toe vervoer. -- Reg.

Het jy geweet vir watter doeleindes hulle daar na die

grens toe wou gaan? -- Ek het gesê ek weet nie, maar ek het gehoor by hulle hulle sê hulle gaan uit vir training.

Jy het by hulle gehoor hulle gaan by training. -- Ek het nie geweet nie.

En hoeveel mense het jy na die grens toe vervoer? -- Ek kan nie onthou hoeveel nie. Dit was 'n hele klomp.

En wanneer het jy uitgevind die rede waarom hulle na die grens toe wou gaan? -- Dis soos hulle gesê het in die karre.

Het jy uitgevind? -- Ja.

En was dit op die eerste of tweede of laaste keer? -- Dit was so 'n paar, die eerste klomp het niks gepraat nie, ek het hulle net gaan aflaai. En hier tussen-in toe gesels hulle want toe was dit vertel toe ons by dinges kom, dat hierdie klomp, toe sê Modise, toe sê hy hierdie klomp wat ons nou hierse aflaai die gaan deur na Dares-Salaam toe vir training.

Wie het so gesê? -- Joe Modise.

Ja? En dit was omtrent in die middel van jou.. -- Agter die groot konferensie.

En nadat jy uitgevind het vir watter doeleindes hierdie mense oor die grens wou gaan, hoeveel ritte het jy toe geneem? Nog baie of 'n paar? -- Nog 'n klomp maar ek weet nie hoeveel nie. Ek weet nie eers hoeveel maal het ek ingegaan nie.

Maar op een stadium het jy wel geweet waarom jy die mense na die grens toe neem en jy het aangehou om hulle na die grens toe te neem. -- Ek het instructions gekry van my baas af soos ek al gesê het.

Het jou baas, Suliman, jou ooit gesê hoekom die mense na die grens toe geneem word? -- Hy het my net gesê ek moet net die mense vat sover as die grens. Toe ons daar kom toe hoor ons almal die mans gaan uit op training, om soldate te word om Suid-Afrika se goewerment af te blaas.

En het jy ooit met jou baas gepraat daaroor en gesê jy wil nie die werk doen nie, of soiets? -- Hy het net gesê

ek moet die werk doen because daar is nie 'n ander een wat hy kan kry om die werk te doen nie.

Maar het jy met hom gestry daarvoor? -- Nee, ek het nie gestry nie, want ek werk vir geld, dis al wat ek soek.

Was jy tevrede om die werk te doen? -- Ek moet tevrede gewees het because daar was nie ander werk gewees nie.

AANKLAER: Mag ek net tussenin kom. My geleerde vriend sit nou met die probleem blykbaar dat sy kruisverhoor dan afgehandel is op die ander punte; dat hy net slegs wil kruisverhoor oor beweerde verskille in die dokumente. Sou dit nie miskien raadsaam wees, as dit al kruisverhoor is wat oor is, om 'n geleentheid te gee na teetyd en dan te kruisverhoor nie. Ek weet nie wat die posisie is nie.

MNR. WEINKOVE: Dit sal my help as ek 'n geleentheid kan kry want ek het gemeen ek kon op die Rivoniasaak aangaan, want in daardie saak word al die ander sake gehandel en nou moet ek teruggaan op die oorspronklike sake wat hy wel getuienis afgelê het.

AANKLAER: Dit wil sê as sy kruisverhoor klaar is op die ander aspekte.

MNR. WEINKOVE: Dit is so ingemeng ek kan dit nie verdeel nie. My kruisverhoor sal wees op wat hy in ander howe gesê het en wat hy hier gesê en sovoorts.

AANKLAER: Ek wil nou net weet hoekom vat hy die Rivoniasaak wat sub judica is, daar is mos baie ander sake. Die posisie is, ek wil nie snaaks wees nie, maar as hierdie goed op rekord ingaan en daar kom 'n appèl in en dit is nou getuienis wat sub judica is, wat gaan die posisie dan wees? Gaan dit nie die hele aangeleentheid affekteer dan nie, of in elk geval die getuienis van die getuie dan affekteer nie. Ek

dink sal ons miskien dan daardie deel van die getuienis, van die kruisverhoor heeltemal uitgooi, dit sal my pas.

HOF: Daardie saak moet definitief eers afgehandel word.

Alleen wanneer so 'n saak finaal afgehandel is, kan dit beweer word dat die getuienis wat ten opsigte van daardie saak afgelê is, die waarheid is nie. Indien dit nie fina-

liseer is nie dan kan daar nie beslis word of die getuie by hierdie geleentheid fouteer het aldan nie. Daar is die hele basis van die sub judica reël. As die getuie van een saak afgehandel is, dat dit finaal beslis is en daar is geen verdere betoeg daaroor nie, dan beteken dit dat dit aanvaar word.

AANKLAER: Daar kan vandag byvoorbeeld getuie geleidelik word ter versagting. En dit word geleidelik. Ek het gesien daaromtrent volgens Die Burger vanoggend is daar sekere persone wat hulle rekening gaan die Verdediging ter versagting lei. Dit is nie onmoontlik dat hierdie getuie mag gesê word op een of ander manier in die versagting kom ter sprake ook nie. Enigiets is nog moontlik; enigiets kan tot versagting aangevoer word.

MNR. WEINKOVE: Soos ek dit sien het hy getuie onder eed gegee en ek handel net met wat hy daar in 'n ander hof gesê het onder eed.

AANKLAER: Maar die saak is nie afgehandel nie, dit is die sub judica reël.

HOF: Tot tyd en wyl die saak afgehandel is.

AANKLAER: Die posisie is nou die Staat en Verdediging saak is afgehandel, uitspraak is gegee maar die saak is nog nie afgehandel nie, dit is wat die probleem is.

MNR. WEINKOVE: As ek 'n kort verdaginkie kan kry sal ek probeer om van hierdie rekorde te werk. (HOF VERDAAG). Jy het vir hierdie Hof gesê jy weet vir watter doeleindes hierdie mense oor die grens gegaan het. -- Ja.

En wat was die doeleindes? -- Die antwoord was ja.

Ja, maar wat was die doeleindes? Hoekom het hulle oor die grens gegaan? -- Hulle sou gaan train vir soldate.

In die saak van die Staat teen Gabriel Ntheni op bladsy 22 is 'n vraag aan jou gestel deur die verdediging in kruisverhoor. Ek sal dit net aan jou uitlees. Bladsy 22: Sê vir my, Piet, het jy geweet vir watter doeleindes die mense grens toe gaan. -- Ja.

Onthou jy wat jy toe geantwoord het? -- My antwoord was ja.

Ek wil dit net aan jou lees jou antwoord was: Nee, ek het nie geweet nie. -- My antwoord was ja.

Is dit nou verkeerd hier afgeskryf? -- Dis verkeerd afgeskryf.

Ek wil verder aan jou lees, die vraag is toe gestel: Nie geweet nie? Maar jy het gehoor Sisulu praat, nê. -- Ja.

Antwoord was ja. Verder is dit aan jou gestel: En toe laai jy die mense in die Combi's en jy vat hulle grens toe. Wat het jy gedink. En jou antwoord was: Wel, ek het net gedink niks gedink nie. Net waar ons hulle aflaai, daar draai ons om. -- Reg.

Sê vir my het jy ooit Suliman gevra waarom jy hierdie mense.. -- Ek het hom gevra want hy het my niks gesê nie.

Jy het hom gevra. -- Ja.

En hy het jou niks gesê nie. -- Hy het my niks gesê nie.

Hoe bedoel jy hy het niks gesê nie? -- Hy het my nie gesê waarvoor gaan hulle nie.

Het hy enigiets gesê? -- Hy het net gesê hulle was die leier en die mense in die Combi wat gesê het hulle gaan oor, hulle gaan train vir soldate.

Hy het jou gesê hulle gaan train vir soldate. -- Nie hy nie, hulle.

Maar het Suliman ooit iets aan jou gesê? -- Hy het gesê ons laai net die mense af by die grens en daar draai ons om. Niks anders nie.

Onthou jy dat Suliman niks anders gesê het nie? -- Hy het niks vir my gesê nie.

Op bladsy 23 van hierdie rekord is dit aan jou gestel of jy met Suliman gepraat het hieroor en jy het gesê jy het wel met hom gepraat, maar hy het iets aan jou gesê. -- Hy het my gesê dis nie my besigheid nie. Dis al wat hy my gesê het, dis nie my besigheid nie. Net my business.

Kan jy onthou die woorde wat hy gebruik het? -- Wel, hy het net vir my gesê ry, ek kan nie onthou die woorde wat

hy gebruik het nie, ek weet net hy het gesê dis niks te doen met my nie.

In daardie hof is dit aan jou gestel, wel, hy moes iets gesê het. Het hy gesê dis nie jou besigheid nie of wat het hy gesê, wat presies het hy gesê. -- Hy het gesê ek moet net die mense wegvat, dis al.

In daardie hof het jy gesê hy het net vir my gesê: Quiet, just take the people, what I tell you it's my orders. Het hy soiets gesê? -- Hy het net gesê vat die mense, dit is my besigheid.

Het hy die woorde gebruik? -- Hy het vir my gesê bly stil en vat net die mense waar hulle moet gaan. Dis al.

Het hy die presiese woorde gebruik? -- Ek kan nie onthou of hy dit gebruik het nie.

Toe jy daar getuienis afgelê het, het jy geweet hy het die woorde gebruik? Waar het jy die woorde gekry? -- My getuienis was net gewees hy het my niks gesê; hy het my net gesê ek moet stilbly en gaan vort dat ek die mense wegvat. Dis al.

Lees ek dit nou verkeerd uit? -- Wel, dan is dit verkeerd geskryf dalk.

Is dit verkeerd geskryf? -- Ja, want dis nie van die polisie af daardie nie.

Jy het ook getuienis gegee in 'n saak van die Staat teen Stephen Mphogo. -- Ja.

Onthou jy? Onthou jy dat mnr. Hannan wat ook daar verskyn het vir jou gevra het of jy geweet het vir watter doeleindes hierdie mense na die grens toe geneem is? -- Om te train vir soldate het ek gesê.

Die vraag is verskeie male aan jou gestel en aan die einde op bladsy 24 het mnr. Hannan vir jou gesê: Ek het jou gevra of jy weet vir watter doeleindes die mense border toe gaan, toe het jy my gesê jy weet nie. Vandag sê jy, Ja. Gister het jy gesê jy weet nie. Wat is die waarheid. -- Ja.

En wat was jou antwoord daarop? -- My antwoord was gewees: Hulle het gegaan vir soldate.

Ek wil dit aan jou stel jou antwoord wat hier afgeskrywe is: Ek weet nie, because meneer het my gevra waarom hulle gegaan het toe ek hulle aflaai. -- Ja, toe sê ek mos hulle is in die bosse in.

Staat teen Stephen Mphago.

AANKLAER: Dit sal dan wees Bewysstuk DP.

MHR. WEINKOVE: Dus wil jy nou ontken dat in hierdie twee sake wat ek netnou aan jou gelees het, jy het vir die Hof meegedeel jy het nie geweet nie waarom die mense oor die grens toe gaan. -- Wat ek gesê het, ek het gesê net ek weet hulle het gegaan om te gaan train vir soldate.

Ek stel dit aan jou dat in hierdie twee sake het jy gesê jy het nie geweet waarom hulle daarnatoe gegaan het nie. -- Ek het gesê ek weet.

Toe jy arresteer was deur die polisie het die mense in jou Combi gery, nê? -- Ja.

Toe die polisie jou arresteer, wat het jy vir die polisie gesê? -- Ek het vir die polisie gesê ons kom van 'n voetbal af.

Van 'n voetbal af? -- Ja.

Wie het jou gesê om dit te sê? -- Dit is Mbata.

Het jy persoonlik aan die polisie gesê jy kom van 'n voetbal af... -- Nee, ons almal het dit gesê in die kar, almal.

Het jy persoonlik gesê dat jy van 'n voetbal wedstryd afkom? -- Ek sê ons het dit almal gesê in die Combi in, almal van hulle wat binne-in die Combi gewees het.

Het jy persoonlik gesê jy kom van.. -- Ek het myself ook gesê. Ons het dit almal gesê, ons almal het dit gesê.

Ek wil nie weet of die ander mense gesê het nie, ek vra jou. -- Nie ek persoonlik self nie.

Jy het nie dit gesê nie. -- Ons het almal dit gesê gelyk.

En wat het jy gedoen? Het jy net daar gesit? -- Ek het gesit.

Het jy ook gesê jy kom van 'n voetbal wedstryd af?

HOF: Die getuie het dan klaar so gesê.

MNR. WEINKOVE: Eers sê hy almal het gesê...

HOF: Jy sê het jy persoonlik so gesê. Hy sê ek het nie persoonlik so gesê nie, ons het almal saam so gesê. Nou as almal saam so gesê het dan het hy mos ook gesê.

MNR. WEINKOVE: Maar nou sê hy hy het nie gesê nie.

HOF: Hy sê nie so nie. -- Ek sê ons almal het dit gesê.

MNR. WEINKOVE: Dit beteken dan dat jy ook so gesê het. -- Ja, ek sê so.

En toe later is jy in hegtenis geneem? -- Dis reg.

En het jy jou storie toe weer verander? -- Ek het geen storie verander nie.

In jou statement het jy gesê jy het van 'n voetbal.. -- In my statement het ek gesê net, ek het gesê ja, ek het ook gesê ja die storie wat aan ons gesê as ons gevang word, dan moet ons sê ons kom van 'n voetbal af.

Maar die eerste keer toe die polisie jou gevra het waarvandaan kom julle het jy aan die polisie gesê die storie is aan ons gesê om.. -- Ek het nie gesê die storie is gesê nie, ek het gesê ons kom van die voetbal af. Net so, geen ander storie nie.

En toe later is jy arresteer en toe later het jy 'n ander storie aan die polisie vertel. -- Die storie nie, ek het net my statement gaan maak, dis al. Niks ander storie gemaak aan geen polisieman nie.

Nou maar die statement, dis nou twee statements wat jy gemaak het, nê. Omtrent waarvandaan julle kom. -- Daar was geen statement gemaak of gevat daarso nie. Geen statement was gevat nie. Dis maar net ons wat dit gesê het in die Combi waar ons gearresteer word.

Ek praat nie van 'n skriftelike verklaring nie. Jy het eers 'n mondelinge verklaring aan die polisie gemaak, nê? In daardie mondelinge verklaring het jy gesê julle kom van 'n voetbal wedstryd af. -- Dis reg.

Toe het jy weer later 'n skriftelike verklaring gegee. --

Toe het ek my statement gemaak.

Want jou eerste statement was mos verkeerd. -- Dit was mos nie 'n statement daardie nie, dit was maar net aan ons gesê gewees, dit was nie 'n statement nie.

Dit was 'n verklaring. -- Dit was maar net om ons te verlos.

HOF: Daar is 'n verskil tussen 'n verklaring wat 'n mens maak en antwoord op vrae.

MNR. WEINKOVE: Ek dra geen kennis van so 'n verskil nie.

HOF: Daar is nie 'n verklaring gemaak deurdad hy gesê het wat het gebeur of wat ookal die geval is nie. Daar is net enkele vrae gestel. Toe later het hy 'n behoorlike verklaring gemaak wat alles behels wat gedoen was. Daar is tog seker 'n groot verskil tussen daardie.

MNR. WEINKOVE: In die eerste instansie het jy nie die waarheid gepraat nie, toe die polisie julle gevra het. -- Dit was glad nie die waarheid nie.

Nou hoekom het jy 'n leuen vertel? -- Dit was aan ons gesê om dit te doen.

Wie het jou gesê jy moet dit doen? -- Mbata.

En hoekom het jy na hom geluister? -- Ek moet luister na hom want hy is in charge van die mense, in charge van die convoy.

Hoekom het jy het eers 'n leuen vertel omdat Mbata jou so gesê het maar hoekom het jy weer die waarheid gepraat? -- Toe moet ek die waarheid gaan praat op die statement, toe moet ek 'n statement gaan maak.

Hoekom? -- Want dis die wet.

Was jy bang toe die polisie jou arresteer? -- Ek moet bang wees want ek weet mos nie vir wat is ek gevang en waarvoor sal ek gecharge word nie.

Hoe bedoel jy jy weet nie waarom jy gevang is nie? -- Because ek behoort mos nie aan hulle nie. Waarvoor moet ek gevang word en waarvoor, gevang word vir die kar of whatever dit is, ek weet nie. Ek moet bang wees.

En is jy nog bang? -- Ek moet nog bang wees. Ek wil

moes nie in die moeilikheid is nie.

Toe jy die verklaring aan die polisie maak, was jy nog bang? -- Ek het die verklaring gemaak vir vryheid.

Luister die polisie het jou gevang en jy was bang. Toe het jy 'n leuen vertel. -- Dit was vertel in die straat. Dit was nie vertel in die polisiestasie nie.

Ja, maar jy het nog 'n leuen vertel, nê? -- Ja, dit is 'n leuen daardie om te sê ons het voetbal gaan speel.

Wat het gebeur om jou te oortuig om die waarheid nou te praat? Hoekom het jy aangehou... -- Ek moet die waarheid praat, dis 'n statement daardie, dis 'n written statement. Dis geskryf black and white. Because as ek vals getuig dan word ek moes toegesluit daarvoor, vir vals statement.

Ek doen nou aansoek om sekere verklarings wat hierdie getuie by Rivoniasaak gemaak het, om hom daaromtrent te kruisverhoor. Ek verstaan my geleerde vriend het 'n beswaar daarteen maar in elk geval ek maak nog die aansoek.

AANKLAER: Dit is sub judice. Dis al wat ek sê. Dit bly sub judice en dit is regereëls en ek kan nie verstaan hoe kan my geleerde vriend vir Edelaagbare vra om nou iets toe te laat wat teen die reëls van die Hof is nie. Daarom het ek hom die kans gegee. My geleerde vriend moet onthou wat hy gesê het. Hy het gesê dat hy wil nou graag hê, hy het die kans gekry om die ander twee sake deur te gaan wat hy, volgens ek van hom verstaan het, as ek hom reg verstaan het, ook die twee as't ware nou in die Rivoniasaak saamgevat het en nou kom hy, nou het hy die geleentheid gehad, hy het gekruisverhoor daarop en nou val hy weer terug op die Rivoniasaak.

MNR. WEINKOVE: Ek het nou klaar gemaak met die twee sake waarvan ek melding gemaak het en die ander vraag wat ek graag aan die getuie wil stel kom uit die Rivoniasaak en ek vra dan om die regte voor te behou om hom later weer te herroep as hierdie saak klaar afgehandel is om hierdie verklarings aan hom te sit. My bewering is dat hy nie dieselfde getuienis voor u afgelê as wat hy op 'n ander hof afgelê het onder eed. Daar is....

AANKLAER: Ek hoop net nie dit is van dieselfde belangrike strekking as wat die teenstrydighede in die vorige twee sake was nie. As hulle so belangrik is dan sal ek liewers nie kommentaar daarop lewer nie.

MNR. WEINKOVE: Ek kan dit aan die Hof aandui as my geleerde vriend wil weet in watter opsigte dit is.

AANKLAER: Ek wil hom nie probeer in die wiele ry nie.

HOF: Die Hof sal verdaag vir 'n paar minute. As dit belangrik is dan sal daar 'n geleentheid moet gegee word.

AANKLAER: Die posisie is ek probeer glad nie snaaks wees met hom nie.

MNR. WEINKOVE: Ek is heeltemal bereid om aan die Aanklaer hierdie voor te lê.

AANKLAER: Ek het gereel met die Verdediging dat dit ingaan op die basis dan dat dit is nie getuienis wat dan betref wat gebeur het te Rivonia nie, of enige van die persone betrekking het nie. Dis alleen betrekking op die getuienis, die waarde van die getuienis wat hy daar gegee het, wat hy sou gesê het in die Rivonia verhoor, wat daar betrekking het.

HOF: Die Hof sal beveel dat hierdie getuienis nie publiseer word nie. Op daardie basis kan ons dan die ..

BELT 153.

MNR. WEINKOVE: Dan...

AANKLAER: Dit sal dan verwys na die saak die Staat vs. Mandela, dit is wat die Staat, wat die Verdediging na verwys, die Staat vs. Mandela en andere, dit is Bewysstuk DQ.

MNR. WEINKOVE: Hou jy onthou dat jy getuienis afgelê het op 17 Januarie 1964, in die jaar, te Pretoria in die saak van die Staat teen Nelson Mandela en andere. Onthou jy? -- Ja.

Onthou jy dat jy deur mnr. Scheskelsin gekruisverhoor is? -- Ja.

In watter taal het jy jou getuienis afgelê? -- Afrikaans.

Is jy seker? -- Ja.

Die vrae wat aan jou gestel is, is in Engels gestel en dit was vertolk, nê? -- Ja.

Kan jy Engels verstaan? -- Ek kan Engels verstaan, ja.

Jy kan ook Afrikaans verstaan. -- Ja.

Die vrae wat aan jou gestel was, was dit reg getolk? --
Dit was reg getolk, ja.

En jou antwoorde wat jy gegee het, was dit reg getolk?
-- Reg getolk, ja.

Nou in daardie saak is dit aan jou gestel: As I understand your evidence you said that there were two conferences that were held at Lobatsi. -- That's right.

En jou antwoord daarop was "yes". Dis bladsy 17 van die rekord. Nou dra jy persoonlike kennis van andere konferensies wat daar gehou is? -- Wel, wat ek weet was net die National Congress en die Pan African Congress.

Dis net die twee. -- Dis al wat daar gehou gewees het in Lobatsi.

Weet jy nie van ander konferensies wat daar gehou is nie.
-- Van ander dinges nie.

Weet jy net van twee konferensies wat in Lobatsi.. --
Dis net die different mense wat ek gevat het, dis al.

Nou jy het dan persoonlik net na die twee konferensies toe gegaan. En jy weet net van daardie twee. -- Ek weet net van die African National Congress en die Pan African Congress.

Het jy nie in hierdie Hof getuig dat daar vier konferensies was nie. -- Ja, dit was vier alles en alles, maar dit was net die twee sections.

En het jy nie vir hierdie Hof gesê dat drie van daardie vier was A.N.C. konferensies. -- Ja, die drie was die A.N.C.

Nou hoe weet jy daarvan? -- Want ek het hulle gery.

Jy het hulle gery. -- Ek het hulle ingevat.

Tot binne-in Lobatsi in? -- Toe binne-in Lobatsi, ja.

Het jy daardie drie ook bygewoon? -- Nee, ek het gesê ek het net die een bygewoon, die laaste een.

Soos ek jou getuigenis verstaan het, het jy vir hierdie Hof gesê dat jy dra persoonlike kennis van drie A.N.C. konferensies. -- Ek het gesê net die een, groot een, die het ek persoonlik bygewoon.

Jy het glad nie enige ander konferensies self bygewoon nie? -- Nee.

Verder is dit aan jou gestel: And I think you also said that that was the only two times you actually drove into Lobatsi. En jou antwoord daarop is: That is correct. Dit is reg. -- Nee, ek het nie gesê twee, net twee konferensies nie. Ek het gesê almal het ek ingegaan maar die ander behoort nie aan die National Congress nie.

Is dit nou hier verkeerd afgeskrywe? -- Ja, dit moet verkeerd afgeskrywe wees.

Verder is dit aan jou gestel: Does that mean that you know about two conferences and no more. -- Dit is wat ek van weet. Die laaste een, die grootste een wat ek van weet van die African National Congress, that's the one I know.

Jou antwoord op die vraag was: Yes - Ja. Met ander woorde jy het daardie Hof meegedeel dat jy dra kennis net van twee konferensies wat in Lobatsi gehou is. En aan hierdie Hof vertel jy dat jy dra kennis van vier konferensies wat gehou is, en drie van hulle is A.N.C. konferensies. -- A.N.C.

Nou wat is reg? Wat jy hier gesê het of wat jy daar gesê het? -- Dis almal op die statement geskryf.

Dit is nie 'n antwoord nie. -- Dis alles op die statement geskryf. Wat op my statement geskryf is, is dit net soos dit is.

Onthou jy wat in jou statement geskryf is? -- Ek onthou die woorde as julle my vra daaruit.

Nou jy het van twee konferensies by hierdie saak in Pretoria gepraat, nê? -- Ja, dit was die Pan African en die A.N.C. Pan African is die eerste.

Nou was jy gevra wanneer hierdie twee konferensies gehou is? -- Nee, ek was nie gevra nie.

Ek wil dit aan jou stel dit was aan jou gestel: Now, in your evidence you mentioned that the first conference was in winter, in the middle of the year. -- Dit was the last conference.

Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court
Records 1958-1978**

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.